# COMMUNIKÉ

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

1988

Universiteit van Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# COMMUNIKÉ

**REDAKSIONELE KOMITEE**

Prof Koos Stadler (Dekaan), Mev Adri van der Merwe (Skakelbeampte), Prof Dirk van Rooyen (Bedryfsekonomie), Mnr Gerrie Roodt (Bestuurswese), Mnr Jan van Heerden (Ekonomie), Prof Chris Nagel (Handels- en Arbeidsreg), Dr Hein Brand (Personeelbestuur), Dr Petrus Brynard (Publieke Administrasie), Mnr Frank Julyan (Informatika), Prof Dieter Gloeck (Rekening- en Ouditkunde), Mnr André Swanepoel (Statistiek).

Sekretaresses: Mev Vivian Bothma en Mev Rena Botha.

**NAVRAE**

Enige navrae in verband met enige van die atikels wat in COMMUNIKÉ verskyn, kan gerig word aan mev Adri van der Merwe, Interne Skakelbeampte van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, by telefoon 420-2711.

**UITNODIGING**

Dit staan alle mediaredakteurs en ander persone vry om by wyse van aanhaling en/of herdruk redaksionele inhoud van COMMUNIKÉ te gebruik, solank gebruiklike erkenning aan COMMUNIKÉ gegee word.

COMMUNIKÉ word namens die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria redaksioneel versorg en uitgelê deur Seymore van Biljon, Reklame en Skakelkonsultante (Edms) Bpk, Posbus 40016, Arcadia, 0007. Tel (012) 341-7696.

**1988 ISSN 1013-168X**

# INHOUD

**Redaksioneel** 2

**Aktueel**
Strategiese beplanning 3
Nuwe eksamenstelsel vir toelating tot die rekenmeestersprofessie 5

**Fakulteitsnuus** 6

**Onderrig** 8

**Internasionaal**
Fakulteitslede besoek buiteland 10
Buitelanders besoek die Fakulteit 11

**Promosieplegtighede** 12

**Gemeenskapsdiens** 13

**Alumni-fokus**
Dr Hennie Reynders 14
Oud-studente van die Fakulteit presteer 15

**Navorsing**
Verskeie navorsingsprojekte deur personeel onderneem 16
Statistiese konsultasiediens van die Departement Statistiek 17

**Studenteprestasies** 18

**Personeel** 22

**Publikasies** 26

**Sport**
Sportpresteerders van die Fakulteit 28



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# REDAKSIONEEL

# Vanuit die Dekaanskantoor

Geagte leser

Die snelle groei van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bemoeilik die Fakulteit se strewe om kontak te maak en te behou met almal wat belang het by die aktiwiteite van die Fakulteit.

In 'n poging om tred te hou met die groter-wordende groep belanghebbendes, is besluit om 'n skakelblad vir die Fakulteit in die lewe te roep.

Die doel van dié skakelblad, wat voortaan jaarliks sal verskyn, is tweeledig, naamlik om inligting oor die Fakulteit beskikbaar te stel en tweerigtingkommunikasie te bewerkstellig. Die verwagting is dat die skakelblad die bande tussen die Fakulteit en sy vriende sal help verstewig.

Daar sal gereeld op oud-studente van die Fakulteit gefokus word. Ons sal dus graag wil verneem waar hulle hul tans bevind, asook van hul aktiwiteite en prestasies.

Daar word verder beoog om mettertyd 'n volledige register van oud-studente op te bou en ons wil dus met soveel as moontlik van hulle kontak maak. Die skakelblad word tans slegs beskikbaar gestel aan al die oud-studente van die Fakulteit wat lede is van die Bond van Oud-Studente. Ons wil egter ook oud-studente bereik wat nie lede van die Bond is nie. As u dus van so 'n persoon weet, wil ons u versoek om die ingeslote vorm namens hom/haar in te vul en aan ons terug te stuur. Die sukses van hierdie aksie hang in 'n groot mate van u samewerking af.

Ek heg ook baie waarde aan persoonlike kontak met oud-studente en ander vriende van die Fakulteit. U is dus welkom om met my te skakel oor inligting aangaande studierigtings of ander inligting oor die Fakulteit.



Met vriendelike Tukkiegroete



Prof JJ Stadler
DEKAAN: FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Aandag alle oud-studente van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe!

Ons wil graag 'n register van oud-studente saamstel. Indien u 'n oud-student van ons fakulteit is en graag in die toekoms ons skakelblad (***Communiké***) wil ontvang, voltooi asseblief hierdie strokie en pos dit aan:

**Die Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, PRETORIA 0002**

Indien u weet van 'n ander oud-student wat nie hierdie skakelblad ontvang het nie, sal ons dit waardeer indien u hierdie strokie (of 'n afskrif daarvan) aan die betrokke persoon/(e) sal aanstuur.

Titel .................... Voorletters .......................... Van ................................................................ Voornaam ..........................

Nooiensvan ............................................................................ Geboortedatum ........./........./..........

Posadres ..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................................

........................................................................................................................................... Kode ..........................

Telefoonnommer — Areakode ............... Nommer .................................................. (W)

— Areakode ............... Nommer .................................................. (H)

Grade aan Tukkies verwerf (vermeld jaar daaragter)

........................................................................................................................ ..........................................

........................................................................................................................ ..........................................

Werkgewer ................................................................................................. Amptitel ..........................................

Opmerkings (bv onlangse bevorderings):

..........................................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................................


# Aandag alle oud-studente van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe!

Ons wil graag 'n register van oud-studente saamstel. Indien u 'n oud-student van ons fakulteit is en graag in die toekoms ons skakelblad (***Communiké***) wil ontvang, voltooi asseblief hierdie strokie en pos dit aan:

**Die Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, PRETORIA 0002**

Indien u weet van 'n ander oud-student wat nie hierdie skakelblad ontvang het nie, sal ons dit waardeer indien u hierdie strokie (of 'n afskrif daarvan) aan die betrokke persoon/(e) sal aanstuur.

Titel .................... Voorletters .......................... Van ................................................................ Voornaam ..........................

Nooiensvan ............................................................................ Geboortedatum ........./........./..........

Posadres ..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................................

........................................................................................................................................... Kode ..........................

Telefoonnommer — Areakode ............... Nommer .................................................. (W)

— Areakode ............... Nommer .................................................. (H)

Grade aan Tukkies verwerf (vermeld jaar daaragter)

........................................................................................................................ ..........................................

........................................................................................................................ ..........................................

Werkgewer ................................................................................................. Amptitel ..........................................

Opmerkings (bv onlangse bevorderings):

..........................................................................................................................................................................


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

..........................................................................................................................................................................

# Strategiese beplanning

In die lig van die algemene missie van die Universiteit is die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gedurende die afgelope twee jaar opnuut onder die vergrootglas geplaas. Die Fakulteit se strewe na uitmuntendheid ten opsigte van onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens is herbevestig. Voortreflikhede en swakpunte in die Fakulteit is geïdentifiseer en op grond daarvan is sekere strategiese stappe geneem om gestalte te gee aan ons algemene strewe. Enkele van hierdie stappe op die akademiese front kan uitgelig word.

## Opleiding van rekenmeesters

Die opleiding van geoktrooieerde rekenmeesters is as 'n belangrike nasionale behoefte uitgelig. Om hierdie opleiding te versterk is die Skool vir Rekenmeestersopleiding, met prof Herman de Jager as direkteur, in 1987 gestig. Dié stap het reeds 'n sterk positiewe invloed op rekenmeestersopleiding by UP gehad. Inskrywings vir die BCom(Rek)-graad is vanaf 1988 beperk tot diegene wat hulle as geoktrooieerde rekenmeesters wil bekwaam. Die toelatingsvereistes vir dié graad is ook aansienlik verhoog.

'n Behoefte aan gespesialiseerde opleiding vir praktiserende rekenmeesters in sekere rigtings is ook geïdentifiseer. Na 'n deeglike behoeftebepaling is 'n MCom(Belasting)-graad in 1987 en 'n MCom(Rekenaarouditeuring)-graad in 1988 ingestel, terwyl 'n MCom(Bestuursrekeningkunde)-graad tans ontwikkel word.

## Opleiding van aktuarisse

'n Deeglike ondersoek na die behoefte van veral die sterk-groeiende versekeringsbedryf aan aktuarisse en versekeringstegnici, het gestalte gegee aan die BCom(Versekeringswese)-graad wat in 1988 ingestel is. Die getal, maar veral die gehalte van die inskrywings vir hierdie graad, het dié behoefte bevestig.

## Verandering in toelatingsvereistes

Die toelatingsvereistes vir kursusse in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is met ingang 1988 gewysig. Dit volg op deeglike navorsing oor die verband tussen die matriek- en universiteitseksamenuitslae van voorgraadse BCom-studente.

Volgens die gewysigde regulasies word 'n minimum slaagsyfer van 40 persent in Wiskunde (hoërgraad) of 'n 50 persent slaagsyfer in die vak op standaardgraad vereis. Kandidate vir die nuwe BCom(Versekeringswese)-graad moet 60 persent vir Wiskunde in matriek behaal alvorens hulle tot dié kursus toegelaat word.

Kandidate wat nie 'n minimum van 50 persent vir Wiskunde (hoërgraad) en 60 persent vir Rekeningkunde (hoërgraad) in matriek behaal het nie, word nie toegelaat om Finansiële Rekeningkunde 100, 'n verpligte eerstejaarskursus vir die BCom(Rek)-graad, te loop nie.

Voornemende studente wat nie aan die vereistes voldoen nie, maar wel aan die algemene toelatingsvereistes vir 'n BCom-graad voldoen en 'n geoktrooieerde rekenmeester wil word, kan vir die graad BCom(Finansiële Bestuur) inskryf. Indien dié studente in hul eerste jaar bevredigend presteer, kan hulle wel vanaf hul tweede jaar tot die BCom(Rek)-graad toegelaat word.

Ten einde toelating vir die graad BCom(Regte) te verkry, moet voornemende studente, benewens die kwalifiserende Wiskunde-slaagsyfer, ook 'n minimum slaagsyfer van 50 persent in beide Afrikaans en Engels (hoërgraad) behaal.

## Herkurrikulering en studiehandleidings

Die vele vakkursusse wat deur die Fakulteit aangebied word, is ook onder die vergrootglas geplaas. 'n Omvattende program van herkurrikulering is van stapel gestuur ten einde duplisering uit te skakel en minder relevante leerstof te elimineer. Studiehandleidings met duidelike leerdoelwitte is vir die onderskeie kursusse opgestel. Sodanige studiehandleidings is reeds vanjaar vir die meeste vakkursusse gebruik.

Aandag is ook geskenk aan die uitfasering van enkele kursusse waar getalle dit nie regverdig nie en/of wat nie as noodsaaklik vir opleiding in die Fakulteit beskou word nie. Sekere dienskursusse aan ander Fakulteite is ook òf uitgefaseer, òf by ander kursusse geïntegreer deur 'n groter gebruik van die modulebenadering.



*Die departementshoofdevergadering is 'n belangrike skakel in die besluitnemingsproses oor sake rakende die Fakulteit. Tydens hierdie vergadering kry doelwitte van die Fakulteit en strategiese stappe vir die bereiking daarvan, gestalte.*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

## Aanpassing van die onderrigmodel

In die omvattende rasionalisasieproses word nie alleen kursusse opgeknap nie, maar onderrigmetodes ontvang ook deurlopend aandag in die strewe na akademiese uitmuntendheid.

Soos in die res van die wêreld val die klem in die Fakulteit toenemend op minder onderrig volgens tradisionele metodes en meer op geleenthede om te leer. In dié proses speel die dosent steeds 'n belangrike rol.


Die gebruik van behoorlike studiehandleidings skep die geleentheid om meer tyd aan probleemareas in die leerstof en evaluering van studente te gee. Die meer gereelde evaluering, in die gevalle waar dit wel toegepas word, bring mee dat studente meer gereeld werk en beter resultate behaal.

## Onderrigontwikkeling

Dosente van die Fakulteit is voortdurend besig om hul onderrigkundighede en -vaardighede uit te brei deur, onder andere, die deurloping van die kursuspakket van die Afdeling Onderrigontwikkeling. Hierdeur word dosente in staat gestel om sinvol aan kurrikulumontwikkeling deel te neem en goed gestruktureerde studiehandleidings te ontwerp.

Kundighede rondom die beplanning van leergeleenthede (byvoorbeeld die lesing) en vaardighede ten opsigte van die praktiese uitvoering daarvan, word ook bemeester. Geleenthede vir die inoefening van sodanige vaardighede word toenemend deur dosente benut. Tydens mikro-onderrigsituasies kry dosente die geleentheid om 'n kort lesing of demonstrasie aan te bied. Hierdie aanbieding word op video vasgelê. By die terugspeel daarvan word belangrike terugvoer aan dosente gegee, wat die ideale geleentheid bied vir selfevaluering.

Verder word bepaalde kundighede verwerf rondom 'n verantwoordbare evalueringspraktyk.



*Die onderrigkundighede en -ervaring van dosente van die Fakulteit word met ander dosente gedeel. Prof Dieter Gloeck, Afdelingshoof: Ouditkunde, is hier besig om sy ervaring wat die implementering van die studiehandleiding as onderrigstrategie betref, met kollegas van die Departement Sosiologie te deel.*

## Uitbreiding van nagraadse opleiding

Sedert 1987 is besondere stappe in die Fakulteit geneem om nagraadse opleiding uit te brei. Die vraag na meer en beter gekwalifiseerde hoëvlakmannekrag deur die private sakewêreld en die openbare sektor maak dit noodsaaklik om toenemende getalle studente na nagraadse studie te laat deurvloei. Die owerheid het ook reeds aangedui dat die voorgraadse studentegetalle by universiteite vir subsidiedoeleindes beperk word tot die 1986-getalle, terwyl daar geen sodanige beperking op die nagraadse studentegetal bestaan nie.

Meer nagraadse studente kan alleen vir verdere studie gemotiveer word deur uitnemende dosente en fisiese geriewe. Die Fakulteit poog steeds om slegs die beste leerkragte aan te stel. In die nuwe gebou is ook spesiale voorsiening vir nagraadse opleiding gemaak in die vorm van onder meer spesiaal toegeruste seminaarkamers en studieruimtes.

Daar word ook meer geleenthede aan voltydse studente gegee om as tydelikdeeltydse junior dosente en onderwysen navorsingsassistente aan die onderrig- en navorsingsprogramme van die Fakulteit deel te neem. Hierdeur word ons topstudente nie alleen finansieel in staat gestel om langer te studeer nie, maar ook om die voordele van meer gereelde kontak met hul leerkragte te geniet.

# Vakkundige betrokkenheid in SA

Dosente van die Fakulteit het vanjaar reeds verskeie referate by binnelandse konferensies, simposia en seminare gelewer.

Op 25 Maart het **prof Stephen du Toit**, Departement Statistiek 'n referaat gelewer tydens 'n Pretoria Colloquim wat op die UP-kampus aangebied is. Die referaat het gehandel oor "Analise van herhaalde tydreeksmodelle".

Prof Stephen du Toit het ook op 7 Junie 'n referaat getiteld "Fasetteorie van Guttmann" gelewer tydens 'n RGN seminaar oor statistiese analises van opnames. Die seminaar het van 6 Junie tot 7 Junie geduur, en is aangebied by die RGN Konferensiesentrum in Pretoria.

**Mnr Gerrie Roodt** van die Nagraadse Bestuurskool het aan die Colloquim van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mynbou en Metallurgie deelgeneem. Hy het sy referaat, getiteld "The evolution of management — autocratic to participating" op 13 Junie gelewer. Die Colloquim het van 13 Junie tot 15 Junie geduur, en is aangebied by die WNNR konferensiesentrum in Pretoria.

Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onkruidbeheer het op 11 Julie 1988 'n werkswinkel vir die skryf van wetenskaplike publikasies aangebied. Die werkswinkel is gereël deur Departement Plantproduksie en het op die UP-kampus plaasgevind. **Prof Hennie Groeneveld**, Departement Statistiek, het 'n referaat "Statistiese verwerking van proefresultate" gelewer.

'n Seminaar van die Werkswinkel afdeling van die SA Vervoerdienste is op 27 Julie in Bereapark Klub, Pretoria, aangebied. **Mnr Fernand Timmermans**, Departement Personeelbestuur het tydens die seminaar 'n referaat getiteld "Motivering — 'n komplekse en multidimensionele proses", gelewer.

**Mev Hermi Boraine**, Departement Statistiek, het op 26 Augustus 1988 'n referaat getiteld "Asimptotiese eienskappe van Guttman se koëffisient van swak monotonisiteit" tydens 'n Pretoria Colloquim gelewer.

**Prof Dirk van Rooyen**, Departement Bedryfsekonomie, het op 22 Junie 1988 by die tiende internasionale konferensie van SAPICS in Durban, 'n referaat getiteld "Purchasing and Supplier Relations" gelewer.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Nuwe eksamenstelsel vir toelating tot die rekenmeestersprofessie moontlik

Die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad (die Raad) is sedert 1951 verantwoordelik vir opleiding en onderrig van geoktrooieerde rekenmeesters in Suid-Afrika. Die opleiding behels die volgende:

- opleiding ingevolge 'n leerkontrak by 'n geregistreerde openbare rekenmeester;
- onderrig aan een van die universiteite wat aan die Raad se program deelneem; en
- 'n slaagpunt in die kwalifiserende eksamen wat eenkeer per jaar deur die Opvoedkundige Komitee van die Raad afgeneem word.

Bogenoemde stelsel het sedert die instelling daarvan feitlik onveranderd gebly. Die enigste beduidende verandering was dat die kwalifiserende eksamen reeds na enkele maande se klerkskap afgelê kon word. Hierdie vergunning is in 1977 ingestel en het daartoe bygedra dat steeds meer studente verkies om hulle studies voltyds aan 'n universiteit te voltooi (4-5 jaar). Na voltooiing van die voltydse studie word klerkskap onmiddellik geregistreer, en na enkele maande word die kwalifiserende eksamen afgelê.

Ongeveer 70% van die kandidate van die Skool vir Rekenmeestersopleiding aan die Universiteit van Pretoria wat die kwalifiserende eksamen skryf, het hul studies voltooi voordat hulle met klerkskap begin het.

Die huidige struktuur van opleiding wat die eksamenstelsel insluit het daartoe bygedra dat die rekenmeestersprofessie in Suid-Afrika wêreldwyd 'n hoë aansien geniet. Plaaslik beklee Suid-Afrikaanse geoktrooieerde rekenmeesters hoë posisies in die sakewêreld.

Die Opvoedkundige Komitee van die Raad is tans besig om ernstig te besin oor die eksamenstelsel. Die direkteur van die Raad het onlangs in 'n skrywe aangedui dat indien die huidige eksamenstelsel verander gaan word, dit nie voor 1992 in werking sal tree nie.

Uit verskillende oorde word daar gesinspeel op 'n nuwe eksamenstelsel wat sal bestaan uit twee eksamens, naamlik 'n teoretiese en praktiese eksamen.

Die teoretiese eksamen **kan** aan die begin van klerkskap afgelê word, terwyl die praktiese eksamen aan die einde van klerkskap afgelê **moet** word.


Die gevolge van so 'n moontlike nuwe eksamenstelsel kan verreikend wees vir opleiding van geoktrooieerde rekenmeesters in Suid-Afrika. Dit kan op die volgende aspekte 'n invloed hê:

- Studente kan weer na deeltydse STR-opleiding beweeg omrede die behoefte groot sal wees om die teoretiese en praktiese eksamen in dieselfde eksamenperiode af te lê.

  Studente wat hulle studie voltyds voltooi en die teoretiese eksamen aan die begin van klerkskap aflê, sal gedurende die tyd van klerkskap hulle teoretiese kennis op 'n redelike hoë vlak moet handhaaf omrede 'n praktiese eksamen nooit afgelê kan word sonder 'n goeie teoretiese basis nie.

  Hierdie neiging na deeltydse STR-opleiding sal ontstaan, alhoewel die behoefte vir voltydse studie baie groot by studente is.

- Die gevaar bestaan dat toelatingsvereistes tot die professie, wat reeds hoog is, verder verhoog kan word deur die inbring van 'n addisionele eksamen.



*Prof Herman de Jager, Direkteur van die Skool vir Rekenmeestersopleiding*

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding aan die Universiteit van Pretoria is van mening dat die huidige situasie gehandhaaf moet word om die volgende redes:

- Geen gefundeerde kritiek is nog teen die huidige stelsel ingebring nie;
- die huidige stelsel lewer geoktrooieerde rekenmeesters wat internasionaal hoë status geniet;
- die inbring van nog 'n addisionele eksamen kan die weerstand teen die rekenmeestersprofessie verhoog, terwyl die tekort aan geoktrooieerde rekenmeesters reeds baie groot is;
- die gedagte van twee eksamens wat studente na deeltydse studie sal laat neig hou ook nie genoegsaam daarmee rekening dat die volume werk wat hanteer word en die standaard wat vereis word, sodanig toegeneem het dat dit feitlik nie meer moontlik is om die kursus deeltyds te volg nie;
- dit hou ook nie genoegsaam daarmee rekening dat die behoefte vir voltydse studie baie groot is onder voornemende geoktrooieerde rekenmeesters nie; en
- die huidige ervaring met deeltydse studente is dat daar so 'n groot druk op hulle in die werksituasie is, dat hulle eenvoudig geen behoorlike aandag aan hulle studies kan gee nie.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Fakulteit groei tot byna 5 000


Die snelle groei in die studentegetalle van die Fakulteit sedert die begin van die tagtigerjare is vanjaar voortgesit met 'n toename van 10,8 persent vanaf 1987. Op die eerste Dinsdag in Junie het reeds 4 832 studente by die Fakulteit ingeskryf. Dit is moontlik dat die kerf van 5 000 studente vanjaar nog bereik kan word, veral as in ag geneem word dat studente (veral nagraadse studente) nog vir die tweede semester kan inskryf.

Hierdie volgehoue groei van die Fakulteit — die grootste aan die Universiteit — is enersyds 'n weerspieëling van die behoefte in die sakewêreld en die openbare sektor aan hoëvlakmannekrag met opleiding in die ekonomiese, bestuurs- en rekeningwetenskappe. Andersyds is dit 'n aanduiding dat die Fakulteit, ten spyte van sy uitgangspunt van fundamentele wetenskaplike wetenskapsbeoefening, ingestel is op en daarin slaag om sy opleiding en navorsing af te stem op die besondere mannekragbehoeftes van die Suid-Afrikaanse sakewêreld en openbare sektor.

Opmerklik in die groei van die Fakulteit is die toenemende aantal damestudente wat jaarliks vir verskeie kursusse hier inskryf. Die 1 563 aantal dames vanjaar verteenwoordig reeds byna een derde van die studente van die Fakulteit. Van die totale inskrywings vanjaar is 1 830 (± 38 persent) deeltydse studente, waarvan 778 (± 43 persent) nagraadse studente is.

Na verwagting sal groei in blanke studentegetalle vanaf 1990/91 begin afplat as gevolg van 'n sterk afname in Blanke geboortes in die sewentigerjare. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sal sekerlik ook in 'n mindere of meerdere mate deur die verwagte afplatting in studentegetalle geraak word, maar dié invloed word in ag geneem by 'n doelgerigte toekomsbeplanning.

**STUDENTEGROEI IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE 1980-1988**




# Name van grade verander

Vanaf 1989 word die endossement van alle grade in Bedryfsekonomie met **Ondernemingsbestuur** vervang. Afgesien van die vak Bedryfsekonomie, sluit die leerplanne van die betrokke grade ook kursusse in Bemarkingsbestuur, Finansiële Bestuur en Bestuursrekeningkunde in, wat gesamentlik beter met die endossement "Ondernemingsbestuur" beskryf kan word.

In die geval van Handelsrekenaarwetenskap word nie net die endossement nie, maar ook die naam van die vak en dié van die Departement gewysig na **Informatika** vanaf 1989. Hierdie wysiging word aangebring omdat Informatika die inhoud van die vakgebied beter weerspieël, terwyl dit ook die huidige verwarring tussen Rekenaarwetenskap en Handelsrekenaarwetenskap uit die weg ruim.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Fakulteit betrokke by skoleskakeling

Die dekaan en verskeie lede van die Fakulteit is sedert die begin van 1988 meer aktief betrek by skoleskakeling. Die dekaan het reeds verskeie skole saam met persone van die Afdeling Skoleskakeling besoek, terwyl ander dosente gereeld betrek word by akademiese verrykingsdae by skole, uitstallings en besoeke van skole op die kampus.

Besoeke van voornemende studente en hul ouers word ook gereeld deur die dekaan ontvang. Hierdie besoeke en ander navrae word dikwels opgevolg met persoonlike briewe deur die dekaan om inligting oor bepaalde studierigtings te verstrek.

Personeel van die Skool vir Rekenmeestersopleiding het in samewerking met die Pretoriase Streeksvereniging van die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters sestien skole in Pretoria besoek, ten einde die rekenmeesters- en ouditeursprofessie onder skoliere bekend te stel. Hierdeur word ook gepoog om die studente vroegtydig oor die streng keuringsvereistes van die Skool vir Rekenmeestersopleiding in te lig.

Op 10 September 1988 het meer as 130 leerkragte in Rekeningkunde van verskeie opvoedkundige instansies van oor die hele Transvaal die tweede Rekeningkunde-konferensie wat deur die Skool vir Rekenmeestersopleiding aangebied is, bygewoon.

Die besluit om daarmee voort te gaan, is geneem weens versoeke wat uit beide akademiese en professionele kringe ontvang is, maar ook weens die behoefte wat daar by die Rekeningkunde-leerkragte van die Skool vir Rekenmeestersopleiding bestaan om volgehoue kontak met verál leerkragte in Rekeningkunde te behou.

Die konferensie kan 'n bydrae lewer om die leerkragte se beskouing van Rekeningkunde-onderrig te verbreed en hulle bewus te maak van die talle beroepsmoontlikhede in die Rekeningkundige veld. 'n Bydrae is gemaak om hegter vriendskapsbande tussen Tukkieland en Rekeningkunde-leerkragte in Transvaal te smee!



*Prof Gerrit Viljoen, Hoof: Departement Rekening- en Ouditkunde (links) en prof Koos Stadler, Dekaan (regs) hou die model van die kantoorgedeelte van die nuwe gebou van die Fakulteit vas.*

## Die Fakulteit se naam verander

In 1986 is besluit om die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek, wat nog al die jare onder die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe geressorteer het, na die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte oor te plaas.

Met dié verskuiwing in Januarie 1988, is die naam van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe verander na Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Dit is die derde naamsverandering van die Fakulteit sedert sy stigting as Fakulteit Handel in 1919. In 1925 verander die naam na Handel en Publieke Administrasie en in 1964 na Ekonomiese en Staatswetenskappe.

# 'n Droom word waar

'n Lank-gekoesterde ideaal het 'n werklikheid geword met die aanvang van die bouwerk aan 'n eie gebou vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op 1 Augustus.

Dié Fakulteit met sy huidige studentetal van byna 5 000 het nog nooit oor 'n eie gebou, aangepas by sy besondere behoeftes, beskik nie. Een van die belangrikste rasionalisasie-pogings, die verskuiwing van die Buitemuurse afdeling na die hoofkampus sedert die begin van 1986, het die behoeftes van die Fakulteit sterker beklemtoon en druk op die geriewe van die hoofkampus vergroot.

Die verkoop van die Buitemuurse gebou het aan die Universiteit die geleentheid gebied om 'n gebou vir die Fakulteit te voorsien. Na onderhandeling met die betrokke staatsdepartemente is in 1987 goedkeuring aan die Universiteit verleen om die opbrengs uit die verkoop van die Buitemuurse gebou vir die oprigting van 'n gebou vir die Fakulteit te gebruik.

Die gebou is in die post-moderne boustyl ontwerp en sal in dié opsig by die Ou Lettere-gebou en die Tukkiewerf-kompleks aansluit.




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Na-uurse onderrig in Oos-Transvaal

Na herhaalde versoeke deur stadsrade, ander instansies en invloedryke individue in Oos-Transvaal, is besluit om vanaf 1989 'n spesiale na-uurse onderrigprogram in hierdie snel ontwikkelende streek te vestig. Die behoefte aan voortgesette of voortdurende onderrig en opleiding vir persone wat reeds betrekkings beklee, is 'n wêreldwye verskynsel. Hierdie Fakulteit het dan ook van die begin af sy volle steun aan die onderrigprogram gegee.

Uit 'n deeglike ondersoek deur die Departement Bedryfsekonomie, onder leiding van prof Sieg Marx, het dit duidelik geblyk dat daar 'n steeds groterwordende behoefte aan na-uurse opleiding in dié streek bestaan. Die ondersoek het ook aan die lig gebring dat Witbank, vanweë sy sentrale ligging, bestaande infrastruktuur, en potensiële studentegetalle, die aangewese plek is om hierdie onderrig te begin.




*Van links na regs staan mnr Christo Wagenaar, Registrateur: Onderrig in Oos-Transvaal; prof Flip Smit, Vise-Rektor; mnr P Cornelius, Burgemeester van Witbank; prof DM Joubert, Rektor en mnr DW Steyn, Stadsklerk van Witbank.*

Die doel is om die beste voordele van kontak- en afstandsonderrig in die Witbank-onderrigmodel te kombineer, dit wil sê minder onderrig en meer geleenthede om te studeer. Spesiaal voorbereide studiehandleidings met duidelike leerdoelwitte sal aan studente beskikbaar gestel word. Lesingtyd sal vir meeste vakke beperk wees tot een uur per week, met 'n uur prakties of besprekingstyd waar nodig. Hierdie lesings sal só gereël word dat studente meesal slegs een aand of hoogstens twee aande van die week formele lesings bywoon.

Aanvanklik sal slegs die BCom-, BA- en BEd-graad aangebied word. Vir die BCom-graad word die volgende vakke tot op derdejaarsvlak aangebied: Bedryfsekonomie, Ekonomie, Finansiële Rekeningkunde, Bemarkingsbestuur, Personeelbestuur en Finansiële Bestuur. Hierbenewens word Kommersiële Reg, Statistiek en Informatika ook op eerstejaarsvlak aangebied. Die uitbreiding van kursusse kan oorweeg word na gelang van behoefte.

Navrae wat van voornemende studente ontvang is, dui op 'n besondere belangstelling in die BCom-graadkursus.

# Nuwe graadkursusse in Fakulteit

Die Fakulteit pas gereeld sy onderrigprogramme aan om in die mannekragbehoeftes van die land te voorsien. Die volgende is die nuutste toevoegings tot die graadkursusse wat vanaf 1988 in die Fakulteit aangebied word:

- **BCom(Algemeen)**: Hierdie graad is, wat vakkeuse betref, redelik oop in die sin dat slegs die basiese eerstejaarsvakke verpligtend is. Die graad blyk veral ook goed in te pas by die behoeftes van voornemende onderwysers, aangesien al die skoolvakke in die leergang opgeneem kan word.

- **BCom(Versekeringswese)**: Die graad bied 'n nuwe opleidingsgeleentheid aan voornemende aktuarisse en versekeringstegnici. Benewens Versekeringswese wat vanaf die tweede jaar as hoofvak aangebied word, Wiskunde en Wiskundige Statistiek, word verskeie ander vakke in die leergang ingesluit.

- **BCom(Landbou-ekonomie)**: Ten einde in die behoefte van landbou-ekonome met 'n ekonomies-wetenskaplike agtergrond te voorsien, is die BCom(Landbou-ekonomie)-graad ingestel.

- **BCom(Finansiële Bestuur)**: Hierdie graad bied die geleentheid aan studente om hul voor te berei vir 'n loopbaan in die finansiële wêreld. Naas rekeningwetenskappe word in die leergang vir die graad ook voorsiening gemaak vir vier kursusse in Finansiële Bestuur.

- **BCom(Interne Ouditkunde)**: 'n Nuwe graadkursus, naamlik BCom(Interne Ouditkunde) word vanaf 1989 ingestel. In die afgelope paar jaar het die behoefte aan interne ouditeure in die privaatsektor sowel as by owerheidsinstellings sterk na vore getree.

Studente wat dié graad behaal het, sal as lede van die Instituut van Interne Ouditeure in Suid-Afrika toegelaat word, terwyl dié kwalifikasie studente ook sal voorberei vir die internasionale eksamen van die Amerikaanse Instituut vir Interne Ouditeure.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Nuwe kursus in Versekeringswese uniek

Die inhoud van die vak Versekeringswese en die leergang van die graad BCom(Versekeringswese) wat vanaf 1988 by UP ingestel is, is in sekere opsigte uniek in Suid-Afrika.

Aktuariële Wetenskap, te wete Renteleer, Lewensgebeurlikhede en Sterfteleer, word reeds by enkele ander universiteite in die land aangebied. Versekeringswese sluit die beginsels waarvolgens lewens- en korttermynversekering, asook pensioenfondse in die algemeen en in Suid-Afrika in die besonder, bedryf word, in. Die inhoud van die vakkursusse in Versekeringswese by UP is dus meer omvattend.

Die graad BCom(Versekeringswese) en die Honneursgraad wat daarop volg, is enersyds ontwerp om 'n volledige grondslag vir voornemende aktuarisse te lê, en andersyds om studente in versekeringspraktyk te onderrig. Die graad bied terselfdertyd 'n unieke, waardevolle kwalifikasie vir diegene wat nie noodwendig die volle pad wil loop om as aktuarisse te kwalifiseer nie.


Vir elke aktuariële student wat by 'n versekeringsmaatskappy werk, is daar heelwaarskynlik nog 'n Wiskundegraduant wat nie 'n aktuariële student is nie, maar hoëvlak-werk verrig. Hierdie graadkursus is ontwerp om in die vraag na mannekrag te voorsien. Kandidate wat die graadkursus suksesvol voltooi, sal maklik 'n betrekking by onder andere lewensversekeraars, korttermynversekeraars, versekerings- en pensioenfondsmakelaars kry.

Benewens Versekeringswese ('n hoofvak vanaf die tweede jaar), Wiskunde en Wiskundige Statistiek, word ook kursusse in Ekonomie, Bedryfsekonomie, Finansiële Rekeningkunde, Bemarkingsbestuur en Informatika in die leergang ingesluit. Hierdie vakkursusse veskaf aan die gegradueerde die agtergrond vir 'n loopbaan in die sakewêreld.

Die vereistes vir die kursus bepaal dat kandidate 'n bo-gemiddelde aanleg vir Wiskunde en in besonder 'n belangstelling in die sakewêreld moet hê. Die toelatingsvereiste vir hierdie graad is 'n minimum slaagsyfer van 60 persent vir Wiskunde (hoërgraad) in matriek. Die eerste 22 studente het vanjaar vir hierdie graad ingeskryf.

Vir voornemende aktuarisse is dit noodsaaklik dat die Honneursgraad voltooi word. Dit sal studente in staat stel om die maksimum getal vrystellings wat vir die eksamens wat deur die professionele aktuariële liggame vereis word, te behaal. Selfs diegene wat nie die volle aktuariële kwalifikasie beoog nie, sal groot baat by die honneurskwalifikasie vind.

Die leerstoel in Versekeringswese word geborg deur MOMENTUM LEWENSVERSEKERAARS. Die leerstoel staan dan ook bekend as die MOMENTUM LEWENSVERSEKERAARS-leerstoel in Versekeringswese. Verskeie ander versekeringsmaatskappye ondersteun die opleiding deur die beskikbaarstelling van prestasiepryse en beurse aan studente.




*Prof George Marx, bekleër van die Momentum Lewensversekeraars-Leerstoel in Versekeringswese.*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Fakulteitslede besoek buiteland

## Prof Adré Boshoff

In Maart 1988 het prof Adré Boshoff van die Nagraadse Bestuurskool, die gesamentlike konferensie van die "Young Entrepreneurs Organization" en die "Association of College Entrepreneurs" in Washington DC bygewoon. Die konferensie, wat deur ongeveer 1 400 belanghebbendes bygewoon is, het uit drie programme bestaan, naamlik die "Professorial Programme", die "Student Programme" en die "General Programme".


Die "General Programme" is saamgestel uit referate deur senior staatsamptenare en politici oor die rol van entrepreneurskap, toekomstige Amerikaanse samewerking, en huidige pogings om entrepreneurskap onder die verskillende Amerikaanse bevolkingsgroepe te bevorder. Hierdie program is ook bygewoon deur verteenwoordigers van organisasies gemoeid met die aanmoediging van entrepreneurskap in Rusland en Kommunistiese Sjina. Verteenwoordigers van albei lande het konferensiegangers toegespreek oor verwikkelinge in dié lande met betrekking tot die ontwikkeling van die privaat-inisiatief in die sakewêreld.

Die "Student Programme" is gewy aan die uitruil van inligting, kennis en ervaring tussen studente wat reeds hul eie sake-ondernemings begin het. Die studente het van oor die hele wêreld gekom. Die groot verskille tussen die Amerikaanse, Europese en Oosterse kulture het hierdie sessies baie interessant en leersaam gemaak.

Die "Professorial Programme" is gewy aan die uitruil van inligting, kennis en ervaring in verband met die opleiding van entrepreneurs en persone wat klein sake-ondernemings bestuur, navorsing oor entrepreneurskap, en resultate wat met universiteitsprogramme vir die bevordering van entrepreneurskap behaal word. Wat veral tydens hierdie sessies opgeval het, is dat navorsing oor entrepreneurskap baie ongesofistikeerd is en dat universiteite werk op dié gebied as veel meer as bloot 'n deel van gemeenskapsdiens beskou.

Prof Boshoff het na afloop van die konferensie enkele dae in Brittanje deurgebring waar hy soveel kontak as moontlik gemaak het met persone wat werk op die gebied van volwasse opvoeding (insluitende bestuursopleiding deur universiteite). Hy het ook die geleentheid benut om kontakte wat hy met vorige besoeke gemaak het, op te volg.

In Mei het prof Boshoff die "International Conference on Comparitive Management" in Taipei, Republiek van Sjina, bygewoon. Die byeenkoms is deur bestuurswetenskaplikes van oor die hele wêreld bygewoon. Die VSA veral was sterk verteenwoordig. Benewens die sleuteltoespraak deur Richard Steers



*Prof Adré Boshoff*

van Oregon is in totaal 62 referate by die konferensie gelewer. Prof Boshoff het self drie referate, gegrond op studies wat hy saam met medewerkers in Suid-Afrika gedoen het, gelewer. Die gevorderdheid van die werk wat tans wêreldwyd op die gebied van die vergelyking van bestuurstyle, -benaderings en veral oor makro-organisatoriese gedrag gedoen word, was die vernaamste indruk wat prof Boshoff na Suid-Afrika teruggebring het.

## Prof Geert de Wet

Aan die begin van Augustus 1988 het prof Geert de Wet, hoof van die Departement Ekonomie, Engeland besoek om 'n referaat tydens die Vyfde Wêreldkongres oor Sosiale Ekonomie by die Universiteit van York te lewer. Die onderwerp van sy referaat was "The Role of the Free Market Mechanism in Planning Structures for Dynamic Economy".

## Prof Willie Boshoff

Prof Willie Boshoff het onlangs teruggekeer van 'n tweede oorsese besoek.

Tydens sy eerste weeklange besoek aan INSEAD, 'n bekende sakeskool in Fontainebleau, Frankryk, het hy 'n kursus in bankrisikobestuur bygewoon.

Tydens sy besoek aan Londen het hy verskeie bank-, bankrisiko- en sekerheidspesialiste asook verskaffers van apparatuur en programmatuur, opgesoek. Die doel van sy besoek was tweeledig, naamlik om inligtingstelselstrategieë ten opsigte van bankrisiko en -sekerheid te bevestig en nuwe beginsels met Europese bankgenote te bespreek, en tweedens om nuwe ontwikkelings in die Europese bankwese te bestudeer, veral waar alle handels- en beleggingsbeperkings in die EEG opgehef gaan word.

## Mnr Hugo Lambrechts

Gedurende Maart het mnr Hugo Lambrechts van die Nagraadse Bestuurskool die dertiende internasionale konferensie oor termynmarkte in Miami, Florida bygewoon.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

## Prof Gerrit Wiechers


Die European Conference on Computers in Education, wat van 25 tot 29 Julie 1988 in Lausanne, Switserland plaasgevind het, is deur prof Gerrit Wiechers bygewoon. Hierdie konferensie is georganiseer deur die Tegniese Komitee vir Opleiding van die International Federation for Information Processing, en is deel van 'n reeks wêreldkonferensies ten opsigte van Rekenaars en Opleiding wat vyfjaarliks gehou word. Die volgende WCCE vind in Julie 1990 in Sydney, Australië plaas.

Die doel van die konferensies is om die gebruik van rekenaars in die onderwys en vir opleidingsdoeleindes te bespreek. Sedert 1970, met die eerste konferensie in Amsterdam, het baie lande, waaronder Suid-Afrika, die inspirasie gevind om grootskaalse programme te loods om die rekenaar in die onderwys te gebruik, en tans bied die konferensies geleenthede om ervarings in hierdie verband te wissel. Veral in lande wat nog nie so ver gevorder het as die Verenigde State of sekere Wes-Europese lande nie, is dit 'n uitstekende geleentheid om kennis te neem van die slaggate en struikelblokke wat 'n mens raakloop as jy die rekenaar vir onderwysdoeleindes wil gebruik. Daar is geen twyfel dat die rekenaar 'n besondere hulpmiddel kan wees om die onderwyser in sy taak te ondersteun nie. Die ontwikkeling van hierdie hulpmiddel vir die onderwys in Suid-Afrika kan 'n baie betekenisvolle bydrae maak tot die oplossing van die land se onderwysprobleme.


# Buitelanders besoek die Fakulteit

## Prof Bodo Gemper

In Februarie/Maart vanjaar het prof Bodo Gemper van die Universiteit van Siegen in Wes-Duitsland 'n besoek aan die Departement Ekonomie gebring. Tydens sy besoek het hy verskeie lesings vir voorgraadse, maar veral nagraadse studente aangebied, 'n aantal seminare gelei en as spreker opgetree by 'n eendaagse konferensie waaraan dosente van verskeie ander universiteite ook deelgeneem het.



*Die Rektor prof DM Joubert (links) gesels met prof Bodo Gemper van die Universiteit van Siegen in Wes-Duitsland, wat vroeër vanjaar 'n besoek aan die Universiteit van Pretoria gebring het as gasdosent van die Departement Ekonomie.*



*Op die foto staan van links na regs prof André de Villiers, prof Tienie van Vuuren, mnr Brian Twiss, prof Louis van Biljon, prof Koos Stadler en prof Gideon de Wet.*

## Mnr Brian Twiss

Mnr Brian Twiss, 'n bekende konsultant en outeur oor tegnologiese innovasie, het teen einde Augustus 'n besoek aan die UP-kampus gebring. Mnr Twiss tree onder andere op as 'n konsultant vir die Britse regering. As sulks is hy koördineerder vir 'n program oor die bestuur van multi-dissiplinêre navorsing by universiteite.

Mnr Twiss het 'n wye reeks kursusse vir senior bestuurders wat belang het by die bestuur van tegnologiese innovasie, sosiale en tegnologiese vooruitskouings en toekomsgerigte studies, ontwikkel. As kundige op die gebied van tegnologiese innovasie, skakel hy wêreldwyd by die MBA-programme in.

Op 6 Augustus het mnr Twiss die Forum vir Tegnologiese Innovasie en Bedryfstrategie (TIBS), toegespreek. TIBS is vroeg vanjaar deur prof André de Villiers, Departement Bedryfsekonomie en prof Gideon de Wet, Ingenieurswese, tot stand gebring.

Mnr Twiss het op 1 September 'n seminaar oor "Development of Tegnological Resources in Medium Sized Enterprises", gelei.

## Mnr H Pat Artis

Mnr Artis, van Los Angeles in die VSA, wat as 'n wêreldkundige op die gebied van kapasiteitsbeplanning beskou word, het 'n seminaar van 5 tot 7 Oktober by die WNNR aangebied. Mnr Artis, is van mening dat die vlak van kundigheid ten opsigte van kapasiteitsbeplanning in Suid-Afrika gunstig vergelyk met dié van die VSA en Japan. Die seminaar is aangebied deur Inbekon (Edms) Bpk, en die Departement Handelsrekenaarwetenskap.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# PROMOSIEPLEGTIGHEDE

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe streef daarna om in die sakewêreld se toenemende behoefte aan gespesialiseerde mannekrag te voorsien.

**HERFSPROMOSIEPLEGTIGHEDE**

Tydens die Herfspromosieplegtigheid in Maart vanjaar is 489 Baccalaureusgrade, 31 diplomas, 32 sertifikate in die Teorie van Rekeningwetenskappe (STR), en 168 nagraadse grade in dié Fakulteit toegeken.


Op voorgraadse vlak is 25 Baccalaureus-grade en op nagraadse vlak 11 Honneursgrade en 1 Magistergraad met lof toegeken. Die Diploma in Publieke Administrasie is deur vier studente met lof verwerf.

Tydens die hoofpromosieplegtigheid is die Onderkanseliersmedalje vir Geesteswetenskaplike fakulteite aan 'n BCom(Rek)-student, Edith Otterman, oorhandig. Van die drie Onderkanseliersertifikate wat toegeken is, is twee aan BCom(Rek)-studente, Theresilda Bouwer en Johan Heydenrych, toegeken.

**LENTEPROMOSIEPLEGTIGHEDE**

Tydens die Lentepromosieplegtighede in September is 'n verdere 110 Baccalaureusgrade en 43 nagraadse grade, waarvan drie met lof, toegeken.

Saam met die grade wat reeds tydens die Herfspromosieplegtighede toegeken is, is 'n rekordgetal van 810 grade waarvan 26 persent nagraads is, in 1988 in die Fakulteit toegeken.



*Die Onder-kanseliersmedalje vir Geesteswetenskaplike fakulteite is aan Edith Otterman, wat 'n gemiddeld van 90,16 persent oor die afgelope drie studiejare in BCom(Rek) gehandhaaf het, toegeken. Op die foto staan van links na regs Edith Otterman, prof DM Joubert, Rektor en Chris Pretorius, wat die Onderkanseliersmedalje vir Natuurwetenskaplike fakulteite ontvang het.*

## Ere-doktorsgraad aan Dr Gerhard de Kock

Tydens die Herfspromosieplegtigheid is die graad DCom(Honoris causa) aan dr Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, toegeken. Met hierdie toekenning het die Universiteit van Pretoria 'n uitstaande oud-student vir sy besondere bydrae vereer, nie alleen as leermeester in Ekonomie en Geld- en Bankwese aan sy Alma Mater nie, maar ook vir sy hoogstaande bydraes tot die sentrale bankwese, monetêre en fiskale beleid plaaslik en internasionaal.

Gerhard de Kock word in die Suid-Afrikaanse monetêre bestel onlosmaaklik verbind met en beskou as die simbool van 'n bepaalde benadering tot owerheidsinmenging met die monetêre stelsel. Hierdie benadering beklemtoon enersyds die belang van die owerheid in finansiële sake, maar andersyds ook die styl van inmenging, naamlik die erkenning van en insig in die werking van markkragte.



*Dr Gerhard de Kock*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Fakulteit deel sy kundigheid

Soos in die verlede word daar weer eens vanjaar verskeie kortkursusse in die Fakulteit aangebied. Met die aanbieding van hierdie kursusse deel die Fakulteit sy kundigheid met die breër sake- en openbare gemeenskap.

**KURSUS IN OPENBARE BESTUUR**

Die kursus word reeds sedert 1985 deur die Fakulteit vir senior staatsamptenare aangebied. Elke ses weke-lange kursus kan sowat 50 kursusgangers akkommodeer. Die kursus word ses keer per jaar aangebied, waarvan een in Engels aangebied word. Meer as 30 dosente uit die onderskeie Departemente van die Fakulteit, asook enkeles van buite die Fakulteit word as aanbieders by die kursusse betrek.

**NAGRAADSE BESTUURSKOOL**

Die Nagraadse Bestuurskool bied vanjaar die volgende kortkursusse aan:

- Senior Bestuursprogram

  Vyf een-week modules, versprei oor ses maande wat deur 30 persone bygewoon word.

- Gevorderde Finansiële Bestuursprogram

  Twee aaneenlopende modules van 'n week elk. Twee kursusse per jaar word aangebied wat tot 20 persone elk beperk word.

- Bestuursontwikkelingsprogram

  Vyf een-week modules versprei oor nege maande. Twee kursusse word elke jaar aangebied en word tot 40 persone elk beperk.

- Bestuursontwikkelingsprogram (Volkskas)

  Ses een-week modules versprei oor twee jaar, wat deur 25 persone bygewoon word.

- Bedryfslogistieke kursus

  'n Een-week kursus wat deur 13 persone bygewoon word.

- Bestuursbesluitneming en -beplanning

  'n Een-week kursus wat deur 20 persone bygewoon word.

- Algemene Bestuursprogram vir die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS)

  'n Een-week kursus wat tot driemaal per jaar herhaal word met 20 persone per kursus.

Afgesien van bogenoemde kursusse word nog twee ander kursusse vir die tweede semester beplan, naamlik:

- Sertifikaat in Logistieke Bestuur

  Ses een-week modules wat deurlopend aangebied word.

- Geïntegreerde Logistieke Stelsels

  'n Een-week kursus.

(Skakel mev Annemarie Snyders by telefoon (012) 420-3380 vir meer besonderhede.)

**DEPARTEMENT BEDRYFSEKONOMIE**

Kortkursusse in Aankoopbestuur en Kleinsakebestuur word vanjaar aangebied.

- In Aankoopbestuur is 'n sertifikaatprogram in samewerking met Yskor vir hul personeel ontwikkel. Die kursus word in die eerste semester aangebied en in die tweede semester herhaal. 'n Sertifikaatprogram in aankoopbestuur is op versoek van die Aankopersinstituut van Suid-Afrika ontwikkel. Die kursus wat uit drie modules bestaan strek oor een semester en word tweemaal per jaar aangebied. Voorsiening vir sowat 20 kandidate word per kursus gemaak.

- In Kleinsakebestuur is 'n sertifikaatprogram in samewerking met die KSOK ontwikkel. Die eerste kursus wat deur 42 kandidate bygewoon word, is tans aan die gang.

Die kursus bestaan uit sewe Saterdagbyeenkomste en handel oor al die deelgebiede van die kleinsakeonderneming. Daar word beoog om in die toekoms soortgelyke kursusse in Pietersburg en Nelspruit aan te bied.

(Skakel prof Dirk van Rooyen by telefoon (012) 420-3119 vir meer besonderhede.)

**DEPARTEMENT PERSONEELBESTUUR**

Die groot opleidingsbehoefte in die toepassing van arbeidsverhoudinge het daartoe gelei dat die Departement Personeelbestuur van UP en die Instituut vir Personeelbestuur jaarliks 'n Kortkursus in Arbeidsverhoudinge aanbied. Die eerste sodanige kursus, bestaande uit vier modules, is vanaf Augustus 1987 tot Maart 1988 aangebied. Die tweede kursus is vanaf April tot Augustus vanjaar aangebied. Benewens die Kortkursus in Arbeidsverhoudinge bied die personeel van die Departement ook op aanvraag kortkursusse aan in interpersoonlike vaardighede, onderhoudvoering en onderhandeling.

(Skakel mnr Mof Lemmer by telefoon (012) 420-3127 vir meer besonderhede i.v.m. die kursus in Arbeidsverhoudinge.)

(Skakel Prof Johan Basson by telefoon (012) 420-2319 vir meer besonderhede in verband met die ander kursusse.)

## Belastingkliniek

Die belastingafdeling van die Skool vir Rekenmeestersopleiding het vanaf 25 April tot 17 Junie 'n belastingkliniek aangebied. Die kliniek is elke werksmiddag beman deur vier nagraadse studente onder leiding van 'n dosent van die afdeling en 'n verteenwoordiger van die kantoor van die plaaslike Ontvanger van Inkomste.

Die kliniek het 'n tweeledige doel nagestreef, naamlik om in ooreenstemming met die missie van die Universiteit, kundigheid te gebruik om gemeenskapsdiens te verrig en om verdere praktiese opleiding in werklike situasies aan studente te bied.

Hulp is aan 193 belastingpligtiges verleen met die voltooiing van hulle opgawes en advies is gegee tydens 93 telefoniese navrae. Belastingpligtiges wat gewissel het van 'n afgetrede ambassadeur tot weermagoffisiere, owerheidsamptenare, werknemers in die privaatsektor, pensioenarisse en universiteitspersoneel, is bedien.

'n Aantal tekortkominge in die belastingstelsel, soos die ongelyksoortige behandeling deur verskillende versekeringsmaatskappye van enkelpremie-annuïteite en die weergawe daarvan op die IRP5-vorms, is genoteer en aan die owerhede uitgewys vir moontlike wysiging. Studente het baat gevind by die kliniek in dié sin dat selfvertroue toegeneem het soos vaardighede ontwikkel en praktiese realiteite ervaar is.

Alles in ag genome was die instelling van die kliniek 'n sukses en die oefening behoort in die toekoms voortgesit en selfs uitgebrei te word.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Dr Hennie Reynders

**Die eerste uitgawe van die Fakulteitskakelblad bring hulde aan een van die Fakulteit se mees prominente oud-studente, Dr Hennie Reynders.**

Daar is werklik min studente van die Fakulteit wat oor die afgelope drie dekades nie een of ander tyd regstreeks of onregstreeks aan die vrugbare arbeid van dr Hennie Reynders blootgetel was nie. As hoog gerespekteerde leermeester het vele studente se verwysingsraamwerk van die Bedryfsekonomie en Bestuurswese in die besonder, maar ook verwante vakdissiplines soos Ekonomie en selfs Staatsadministrasie, onder hom gestalte gekry. Hy het 'n holistiese perspektief op ondernemingsvraagstukke voorgehou en gewaarsku teen 'n eng meganistiese oplossing van ondernemingsknelpunte. Tog het hy deur talle geskrifte en teksboeke altyd 'n logiese en sistematiese benadering wat van besondere insig getuig, gevolg.

As redakteur en outeur van menige teksboek in die Bedryfsekonomie en Ekonomie het hy 'n onskatbare bydrae tot die Afrikaanse taal gemaak. Trouens, daar is inderdaad min studente in die Republiek van Suid-Afrika wat nie met die inhoud van "Die Ekonomiese Lewe van Suid-Afrika", "Inleiding tot die Bedryfsekonomie", "Finansiële Bestuur", "Die Taak van die Bedryfsleier" en "Die Investeringsbesluit" kennis gemaak het nie. Heel gepas is sy werk in 1968 met die Stalsprys deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon.

Hennie Reynders is 'n volbloed-Tukkie. Hy behaal die BCom- en MCom-grade (1946) deeltyds aan die Universiteit van Pretoria. In 1947 vertrek hy na die Harvard Graduate School of Business en verwerf die MBA-graad in 1949. Met verdere deeltydse studie promoveer hy in 1955 aan die Universiteit van Pretoria. Tydens sy studentejare was hy onder meer vise-voorsitter van die Buitemuurse Studenteraad en is ook getroud met 'n oud-Tukkie, Bettie Mentz. Sy het ook 'n BCom-graad.

Na 'n aantal jare in die openbare sektor word hy in 1957 aangestel as senior lektor in Ekonomie aan Tukkies. In 1959 word hy professor en hoof van die Departement Bedryfsekonomie asook Direkteur van die Instituut vir Bedryfsadministrasie (tans die Nagraadse Bestuurskool) en in 1962 dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe. Onder sy leiding het die



*Dr Hennie Reynders*

Fakulteit in omvang en gehalte gegroei en word Tukkies ook die eerste universiteit in die Republiek van Suid-Afrika wat op voorgraadse en nagraadse vlak gespesialiseerde opleiding in Bemarkingsbestuur aanbied.

In Julie 1973 verlaat dr Reynders die diens van die Universiteit om Uitvoerende Direkteur van die Gefedereerde Kamer van Nywerhede te word. In September 1979 word hy aangestel as Voorsitter van die Nasionale Mannekragkommissie en ontvang ook in 1983 die toekenning, Personeelman van die Jaar van die Instituut vir Personeelbestuur.

In sy loopbaan het Hennie Reynders uitgetroon as veelsydige navorser, bestuurswetenskaplike en geleerde — vanaf fundamentele teorie tot die ontrafeling van praktiese problematiek. Dit het van hom 'n logiese keuse gemaak vir talle Staatskommissies, adviesrade en selfs direksies van maatskappye.

Dr Hennie Reynders het onlangs amptelik die tuig neergelê. Dit is die Fakulteit se wens dat die jare vorentoe vir hom en Bettie goeie gesondheid sal inhou, asook genoeg vrye tyd om die natuur waarvoor hy 'n groot voorliefde het, ten volle te kan benut.

Prof Hennie Reynders sal as professor honorêr in Bestuurswese nog by die Departement betrokke wees. Die Fakulteit is inderdaad gelukkig om te mag put uit sy diepe insig van en onskatbare ervaring in aktuele bestuursvraagstukke en sien met belangstelling uit na sy professorale redes. 'n Mens kan immers nooit te geleerd wees om nog steeds van hierdie veelsydige leermeester, kollega en vriend van buitengewone formaat te leer nie. Die spreuk onder sy vakgenote en vriende bly immer geldig:

*Jy kan nie bybly as hy ontspan nie; en*
*Jy kan nie bybly as hy werk nie!*

Hennie Reynders is voorwaar enig in sy soort.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Oud-studente van die Fakulteit presteer




***Mnr Hancke Scheepers*** *(BCom, 1958, GR (SA)) is onlangs aangestel as die nasionale voorsitter van Theron du Toit, een van die drie grootste ouditfirmas in die land wat 123 vennote en 850 personeellede het. Meneer Scheepers was vir agt jaar op die Raad van ons universiteit en is ook tans op die bestuur van die Bond vir Oudstudente.*




***Mnr Vaatjie du Plessis*** *(MCom(Rek), 1959, GR (SA)) is vanjaar verkies as die President van die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters. Hy is ook lid van die Uitvoerende Komitee van laasgenoemde instansie en dien ook op die Raad van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters.*



***Mnr Lukas van Vuuren*** *(MCom, 1960, GR (SA)) is vir 'n tweede termyn as direkteur van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad benoem.*



***Mnr Nic Campbell*** *(BCom (Rek) STR, 1964, GR (SA)) het onlangs 'n aanstelling as hoofbestuurder van Saambou Beherend beperk aanvaar. Hy dien tans as die voorsitter van die Pretoriase Streeksvereniging van die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters.*



***Prof Piet Botha*** *(DCom(Rek), 1977, GR(SA)) is onlangs aangestel as die Senior Hoofbestuurder van Rand Aksepbank Beperk. Hy dien ook op die direksie van verskeie maatskappy soos onder andere Butterworths (Professional Publishers (Pty) Ltd) en ook op die opvoedkundige komitee van die Openbare Rekenmeesters en Ouditeursraad.*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Verskeie navorsingsprojekte deur personeel onderneem

## Departement Ekonomie

Die departement het vanjaar reeds 'n diepgaande studie van die "Groei van die Staatskuld" voltooi terwyl 'n ondersoek na "Indiensopleiding" tans aan die gang is. BEPA onderneem ook 'n studie van die "Voedselsituasie in Suider-Afrika". Vir hierdie projek ontvang die Buro finansiële ondersteuning van die RGN.

BEPA het ook so pas begin met 'n kwartaallikse reeks oor ekonomiese toestande en verwagtings in die vernaamste nywerheidslande, Oosterse lande en Afrikalande.

## Buro vir Finansiële Analise

Die meeste van die projekte van die buro is van 'n deurlopende aard. Gemiddeld sowat twintig sodanige projekte word jaarliks deur die BFA afgehandel. In sy reeks Bedryfsvergelykende ondersoeke is 'n vierde ondersoek insake die Prokureursprofessie feitlik voltooi terwyl tans onderhandel word om twee verdere ondersoeke te doen. Twee verdere verslae in die reeks oor die ontleding van gegewens van meer as 400 genoteerde maatskappye sal na verwagting voor die einde van 1988 verskyn. 'n Verslag oor 'n ondersoek na die hotelbedryf word ook tans opgestel. Hierbenewens word ses kontrakprojekte op 'n vertroulike grondslag tans deur die Buro onderneem.

Die BFA is ook deurlopend besig met die versameling en verwerking van sekere maandelikse kernsyfers van private hospitale en private klinieke, motor- en vragmotorverhuringsfirmas, markagente en alle ondernemings, uitgesonderd hotelle, wat vakansiehuisvesting verhuur.

Sedert 1987 is die BFA betrek by 'n nuwe veld van toerismenavorsing en is 'n navorsingseenheid in die lewe geroep om projekte van hierdie aard te onderneem. Tans word daar gewerk aan vyf toerismeprojekte.

## Databanke van BFA

Vir die suksesvolle uitvoering van sy verskillende navorsingsprojekte gebruik die BFA nege databanke. Ses van hulle bevat inligting wat oor 12 tot 15 jaar strek en jaarliks verder uitgebou word, terwyl drie daarvan slegs 'n paar maande gelede begin is en tans nog opgebou word.

Die BFA is in staat om finansiële en statistiese navorsing in verband met enige bedryf te onderneem binne die perke van sy finansies en personeel. Die verslae en databanke van die Buro bevat uitstekende studiemateriaal vir studente en navorsers en kan dien as waardevolle bestuurshulpmiddele vir nyweraars, sakemanne en owerheidsinstansies in bykans alle sektore van die ekonomie.

## Departement Bedryfsekonomie

Die Departement Bedryfsekonomie is tans besig met 'n projek oor strategiese bemarkingsbestuurbesluitneming. Die doel daarmee is om te bepaal of individue beter besluite neem as groepe. Die projek word by wyse van 'n simulasieprojek uitgevoer. Navorsing oor die wyse waarop individue hul persoonlike finansies beplan en beheer is tans ook aan die gang.

Dié departement is ook besig met 'n projek oor afstandbeheerde deelnemende bestuur waar klein ondernemings met bestuursadvies bedien word en navorsing oor hul behoeftes gedoen word.

'n Terrein waarop tot nog toe relatief min navorsing in die Republiek van Suid-Afrika gedoen is, is die bestuur van distribusiekanale. As vertrekpunt wórd navorsing in hierdie departement onderneem oor die loodsing van nuwe produkte in die beskikbare distribusiekanale in Suid-Afrika.

## Nagraadse Bestuurskool

In die skool het die tweede uitgawe van die Effektetrusts Opname wat deur mnr Hugo Lambrechts saamgestel word, in Augustus verskyn. In hierdie publikasie wat voortaan ses-maandeliks sal verskyn, word gepoog om die prestasie van Suid-Afrikaanse effektetrusts op 'n gestandaardiseerde wyse aan te bied.

## Departement Personeelbestuur

In die Departement Personeelbestuur is 'n "Ondersoek na Werkstres by mediese, verpleegkundige en tandheelkundige beroepslui" onderneem.

## Departement Statistiek

Die Departement Statistiek doen vanjaar navorsing op veral drie terreine, naamlik Biostatistiek, Ekonometrie en Meerveranderlike Analise. Wat Biostatistiek betref, word statistiese prosedures toegepas in mediese navorsing, onder andere, vir die bepaling van fetale



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

groeikrommes en die statistiese evaluering van biobeskikbaarheid en odontometriese data.

Op die gebied van die Ekonometrie word onder andere aandag gegee aan die stand van tegnologiese vordering in die fabriekswese, die monetêre stelsel, prysinterverwantskappe in die vleismark en die gebruik van gerekenariseerde korporatiewe beplanningsmodelle in die Suid-Afrikaanse privaatsektor.

Wat meerveranderlike analise betref, word op grond van 'n studie van die eienskappe van versamelings van interafhanklike veranderlikes, eksploratiewe data-analises en statistiese inferensie gedoen, bv meervariante tydreeksmodelle.

## Skool vir Rekenmeestersopleiding

In die skool word tans 'n omvattende ondersoek na die aanbieding van die finansiële state van openbare korporasies en finansiële ondernemings gedoen. Die eerste resultate van die ondersoek oor die state van die SAUK het onlangs verskyn. Uit die Rekenmeestersprofessie bestaan daar 'n besondere belangstelling in hierdie ondersoek.

## Departement Handelsrekenaarwetenskap

Die departement, wat van 1989 as die Departement Informatika bekend sal staan, het pas in 1988 volle verantwoordelikheid aanvaar vir alle voorgraadse en nagraadse kursusse in dié vakgebied. Aktiwiteite binne die Departement is dus uiteraard nog afgestem op die vestiging van die onderrigprogram.

Die langtermyn sukses van die Departement sal egter grootliks bepaal word deur die mate waartoe die dosente van die Departement betrokke is by praktiese navorsingswerk en deur die kontak wat met die praktyk behou word.

Vanaf 1 Augustus 1988 is die Departement geassosieer met 'n privaatmaatskappy wat spesialiseer in inligtingsbestuursdienste. Die kanaal wat hierdeur vir dosente en nagraadse studente na die praktyk geopen word, sal aktief vanaf 1989 ontgin en benut word. Enkele voorbeelde van die soort van navorsingswerk wat hierdeur moontlik word, behoort die potensiaal van die samewerking te illustreer.

By heelwat organisasies wat groot gebruikers van rekenaars is, bestaan die probleem dat die dienslewering deur die Inligtingstelselafdeling aan gebruikers nie voldoende geformaliseer is nie. Dit lei tot wedersydse misverstande en ondoeltreffende bestuur van duur hulpbronne. 'n Benadering tot diensbestuur, wat formele diensvlakooreenkomste met gepaardgaande kosteverhaling insluit, is vir finansiële instellings ontwikkel en word suksesvol geïmplementeer. Diensbestuur omvat 'n aantal bestuursprosesse, wat uitstekend deur rekenaarhulpmiddels ondersteun sou kon word.

Navorsing is egter nodig om hierdie hulpmiddels te identifiseer, te spesifiseer en uiteindelik te ontwikkel.

Alhoewel groot gebruikers van rekenaars in die algemeen die belang van data en inligting besef, word hierdie hulpbronne nog dikwels nie na wense bestuur nie. In opdrag van 'n kliënt is 'n omvattende gerekenariseerde hulpmiddel ontwikkel wat data-administrasie en datakonfigurasiebestuur ondersteun. Ondervinding het egter getoon dat die beginsels wat hierby ter sprake is, nog swak verstaan word in die handelswêreld. Navorsing is nodig om vas te stel wat die stand van sake in Suid-Afrika is ten opsigte van databestuur, sodat daaruit 'n verbeteringsprogram ontwikkel kan word.

# Statistiese konsultasiediens van die Departement Statistiek

Alle navorsers wat empiriese navorsing onderneem, maak gebruik van statistiese beginsels en tegnieke vir die insameling, ordening en ontleding van data. Laasgenoemde sluit onder andere in die toetsing van hipoteses, die bou van deterministiese en stogastiese modelle en die gebruik van statistiese grafika.

Nie alle navorsers beskik egter oor die nodige kennis van statistiese metodes en tegnieke nie. Om hierdie navorsers te help het die Departement Statistiek in 1978 besluit om 'n konsultasiediens in die lewe te roep met die doel om:

1. aan navorsers die nodige ondersteuning te gee by die toepassing van statistiese metodes en tegnieke; en
2. aan personeel van die Departement Statistiek die geleentheid te gee om hul vakgebied prakties toe te pas.

Voornemende gebruikers van die diens (peroneel en studente van UP) doen op 'n voorgeskrewe vorm aansoek waarna die betrokke projek aan een (of meer) van die personeellede van die Departement Statistiek toegeken word. Hierdie persoon of persone werk dan saam met die betrokke navorser(s) verkieslik vanaf die beplanningstadium totdat die projek afgehandel is. Die gedagte is dat die statistikus deel van die navorsingspan vorm. Indien die aandeel van die statistikus dit regverdig, word hy/sy dan ook mede-outeur by publikasie(s) wat uit die projek mag voortspruit. Die statistikus is nie verantwoordelik vir die uitvoering van omvangryke rekenaarwerk nie. Hiervoor word steeds gebruik gemaak van die diens wat die Buro vir Rekenaardienste (BUREK) verskaf. Die statistikus werk egter nou saam met die personeel van BUREK ten einde die **toepaslikheid** van statistiese programmatuur te verseker.

Die groot getal projekte waarby die konsultasiediens oor die afgelope jare betrek was illustreer die behoefte aan hierdie diens.

| Jaar | Aantal projekte |
|---|---|
| 1981 | 149 |
| 1982 | 160 |
| 1983 | 165 |
| 1984 | 171 |
| 1985 | 170 |
| 1986 | 192 |
| 1987 | 205 |
| 1988 | 141 (tot 31 Julie) |

(Vir meer inligting kan met mnr RJ Grimbeek by telefoon 420-2600 geskakel word)



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Topstudente word beloon

Verskeie uitblinkerstudente in die Fakulteit is tydens 'n prysuitdelingsfunksie op Vrydag, 25 Maart 1988, vir hul harde werk in die 1987-akademiese jaar beloon.



*Prof Koos Stadler (middel) by die prestasiepryswenners van die Fakulteit.*

**Annemarie Schroeder** (22), is aangewys as die beste BCom(Rek)(Hons)- en STR-student. Annemarie het die volgende pryse ontvang: die Carel van Aswegen-prys, geskenk deur dr CHJ van Aswegen vir die beste BCom(Rek)(Hons)-student, die Dick Ochse-prys, geskenk deur Ernst & Whinney vir die beste student in Rekeningkunde 700, die Geoktrooieerde Rekenmeestersprys, geskenk deur Deloitte, Haskins & Sells vir die beste student in die finale jaar STR en die Ouditkunde 700-prys, geskenk deur die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters vir die beste student in Ouditkunde 700. As toppresteerder in die Skool vir Rekenmeestersopleiding is Annemarie ook gekeur om een jaar akademiese klerkskap aan die Universiteit van Pretoria gedurende 1988 te voltooi.

Die bekende Junior Springbokatleet, **Edith Ottermann** (21), is aangewys as die beste BCom(Rek)-student. Die Pretoriase Geoktrooieerde Rekenmeestersprys, geskenk deur die Pretoria Streeksvereniging van die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters vir die beste student in Rekeningkunde op 300-vlak en die Jan Crafford-prys, geskenk deur prof Jan Crafford vir die beste student in Ouditkunde op 300-vlak, is aan Edith toegeken.

Die Gencor-prys vir die mees verdienstelike BCom(Rek)-student is aan die 21-jarige **Theresilda Bouwer** toegeken. In 1985 het Theresilda met haar klerkskap by 'n ouditeursfirma begin en terselfdertyd as 'n buitemuurse student vir die graad BCom(Rek) ingeskryf. In 1987 het sy die graad met lof verwerf.



*Prof Herman de Jager oorhandig die Gencor-prys aan Theresilda Bouwer.*

**Deon Nel** (28), 'n senior lektor aan UP, is aangewys as die beste nagraadse student in die Departement Bedryfsekonomie. Hy het die graad MCom(Bemarkingsbestuur) in September 1987 met lof verwerf en daarvoor die Sasolprys vir die voortreflikste nagraadse student in die Departement Bedryfsekonomie ontvang. Deon het hom op navorsingsgebied onderskei en van sy artikels is al in internasionale vaktydskrifte geplaas.

**Neville Kuhn** (36), is ook 'n uitblinkerbuitemuurse student. Hy het die volgende pryse ontvang: die Volkskasprestasieprys vir die beste prestasie in die eksamen in alle Bedryfsekonomie 300-vlak vakkursusse vir BCom(Bedryfsekonomie), die Saambou-prestasieprys vir alle vakkursusse oor die hele studietydperk vir BCom(Bedryfsekonomie) en die NPI-prestasieprys, geskenk deur die Nasionale Produktiwiteitsinstituut, Pretoria, vir die hele studietydperk in Bedryfsekonomie vir die graad BCom(Bedryfsekonomie).

Die Prof B de Loor-prestasieprys, geskenk deur dr Anton Rupert vir die student wat die beste presteer in al die vakke op 300-vlak van die graad BCom(Bedryfsekonomie), is toegeken aan **Piet**



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

**Smith** (42). In 1987 het hy, as 'n buitemuurse student, die graad BCom(Bedryfsekonomie) met lof verwerf.

Die beste eerstejaar BCom-student was **Nico Liebenberg**, met 'n gemiddeld van byna 91 persent vir die voorgeskrewe twaalf semesterkursusse. Nico het in 1986 die OVSOV-prys vir die hoogste gemiddeld in ses vakke gedurende die matriek-eindeksamen in die OVS vewerf. In sy eerste studiejaar in BCom(Ekonometrie) het Nico die Alexander Aiken-prys, geskenk deur die Alexander Aiken Beursfonds vir die beste BCom-student op 100-vlak, asook die Sanlam-merieteprys, geskenk deur Sanlam vir die beste prestasie in die vak Ekonomie op 100-vlak, ontvang.


Die NPI-prestasieprys vir die beste semesterpunte in Bedryfsekonomie 321 is aan **Elsjé Badenhorst** oorhandig. Sy het in 1987 die BCom(Personeelbestuur)-graad met lof verwerf en is tans 'n ingeskrewe HOD-student. Sy beoog om later die BEd en MEd te voltooi sodat sy as Opvoedkundige Sielkundige kan praktiseer.

**Erica Retief** (née Van Niekerk) het die Bates Wells-prestasieprys, geskenk deur Bates Wells, Pretoria, vir die beste take op 300-vlak vir Bemarkingsbestuur, ontvang. Die Nissan-prestasieprys vir die beste finalejaarstudent in Bemarkingsbestuur is ook aan haar toegeken. Erica beklee tans 'n opleidingspos by 'n reklame-agentskap terwyl sy haar studies by UNISA voortsit.

Die Ou Mutual-Goue Medalje, geskenk deur die Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap vir die beste MBA-student wat gedurende 1987 afgestudeer het, is aan **Kobus van Graan** (32) oorhandig. Kobus het in 1979 die graad BSc(Ing)(Siv) aan UP verwerf. Die Ou Mutual-Goue Medalje is 'n prestige toekenning wat reeds sedert 1970 jaarliks aan die toppresteerder(s) toegeken word. As sodanig was dit die eerste prestasietoekenning in die Fakulteit.



*Mnr Eddie Grobler, Skakeldirekteur van die Rembrandt-groep (links) oorhandig die B de Loor-prestasieprys aan mnr Piet Smith (regs).*



*Mnr Kobus van Graan het as die beste MBA-student die Ou-Mutual Goue-medalje ontvang.*

**Hugo Kleyn** (22) het die Standard Bank-prestasieprys vir die beste prestasie in die vak Ekonomie op Honneursvlak ontvang. Hugo het in 1987 sy BCom(Hons) (Ekonomie)-graad met lof verwerf. Gedurende hierdie jaar was hy ook junior dosent in die Departement Ekonomie. Hy is aangewys as die UP-wenner van die Ou Mutual/Nedbank-begrotingskompetisie in 1987.

Die Carel van Aswegen-prys, geskenk deur dr CHJ van Aswegen vir die beste presteerder in die vak Ekonomie op 300-vlak, is toegeken aan **Francois Knipe** (27), 'n man van vele talente. Op sportgebied het hy veral presteer in atletiek waarvoor hy Noord-Transvaal kleure verwerf het, asook rugby. Hy was 'n vloot-duikinstrukteur, 'n lid van die Franse Vreemde Legioen en 'n buitemuurse student aan UP! Francois is tans 'n junior lektor in die Departement Ekonomie.

**Jan Kruger** (22) het die Ekonomie 200-prys vir die beste prestasie in dié vak ontvang. Jan, 'n inwoner van Huis Taaibos, was ook 'n deelnemer aan die landswye Begrotingsrede-kompetisie in 1987.

'n Voormalige hoofmeisie van The Glen High, **Sylvia Strydom** (20), het die Sanlam-prestasieprys vir die beste prestasie in die vak Ekonomie op 100-vlak, ontvang.

Die Murray & Roberts-prestasieprys, toegeken aan die student wat jaarliks die beste presteer in Personeelbestuur op 300-vlak, is deur **Michelle Olivier** ontvang. Sy het die graad BCom(Personeelbestuur) met lof behaal. Sy is tans besig met haar BCom(Hons)(Personeelbestuur)-kursus aan UP. Michelle het ook die NPI-prestasieprys, geskenk deur die Nasionale Produktiwiteitsinstituut, Pretoria, vir die beste semesterpunt in Bedryfsekonomie 322 ontvang.

**Wynand du Plessis** verwerf die Gencor-prys wat aan die mees verdienstelike BCom(Personeelbestuur)-student op voorgraadse vlak toegeken word. Hy presteer ook op sportgebied en speel sedert sy eerstejaar rugby vir Tukkies.

Die BCom(Rek)(Hons)-student wat die beste vordering getoon het, **Danie Crowther**, het die Rentmeester-merieteprys, geskenk deur Rentmeester Versekeraars Beperk, ontvang. Danie het in 1987 ook die Ou Mutual-Goue Medalje ontvang vir die beste MBA-student. Hy was 'n dosent in die Departement Bedryfsekonomie (UP) vanaf Januarie 1986 tot Junie 1987 en is tans besig met sy klerkskap.

**Roy Hattingh** (21), 'n voormalige dux-leerling van Lyttelton Manor High School, het die Barry Wiehahn-prys, geskenk deur Hoek & Wiehahn vir die student wat die beste presteer in BCom (Rek) op die 200-vlak in die Skool vir Rekenmeestersopleiding ontvang.

Die Louis Luyt-prys vir Besigheidsreg, is aan **Robinelle de Villiers** toegeken vir die beste prestasie in Besigheidsreg 210 en 220. Robinelle het ook 'n prestasiebeurs van Tukkies ontvang nadat sy haar eerstejaar met lof geslaag het.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Skool vir Rekenmeestersopleiding skitter in die Kwalifiserende Eksamen

Die Kwalifiserende Eksamen (KE) wat jaarliks gedurende Maart deur die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad afgeneem word, is sekerlik een van die mees gevreesde hindernisse op die pad wat menige student moet loop om as geoktrooieerde rekenmeester te kwalifiseer. Die hoë standaard wat oor die afgelope jare in die eksamen gehandhaaf is, het selfs onder die breë publiek bekendheid verwerf.

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding is opreg dankbaar en trots op goeie slaagpersentasies wat die afgelope aantal jare deur Tukkiestudente wat die KE aangedurf het, behaal is. Die slaagpersentasies vir die afgelope drie jaar was soos volg:

| | |
|---|---|
| 1986 | 82 persent |
| 1987 | 71 persent |
| 1988 | 91 persent |

Hierdie suksesse is vanjaar verder bekroon deur twee Tukkiesterre wat voorwaar skitterend in die KE gevaar het. Annemarie Schroeder het uit 'n totaal van meer as 1 400 studente die vierde plek in die land verower en was die dame wat die beste in die land gevaar het. Danie Crowther het die hoogste punt in die land vir die Ouditkundevraestel behaal. Beide studente is met spesiale toekennings en boekpryse deur die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters vir hul prestasies beloon.

**Annemarie Schroeder**, wat aan die Dundee Hoërskool gematrikuleer het, is aangewys as die Skool vir Rekenmeestersopleiding se toppresteerder in 1987. Vir haar 1987-studie is vier pryse tydens die Prysuitdelingsfunksie aan haar toegeken.

Annemarie is in Dundee gebore. Sy slaag matriek in 1983 met drie onderskeidings in Afrikaans, Duits en Rekeningkunde. Sy ontvang ook die prys vir Duits en deel die Rekeningkundeprys.

In 1984 skryf sy in vir haar BCom(Rek)-graad en in 1985 ontvang sy die Gencor-prys vir die beste akademiese prestasie op 200-vlak in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. In 1986 verwerf sy BCom(Rek) met lof. Annemarie skryf haar sukses hoofsaaklik toe aan harde werk op voorgraadse vlak waardeur sy 'n goeie basis vir nagraadse werk kon lê.

As toppresteerder in die Skool vir Rekenmeestersopleiding is sy gekeur om vanjaar een jaar se akademiese klerkskap aan Tukkies te voltooi. Annemarie word as 'n volwaardige dosent in Rekeningkunde op eerstejaarvlak benut. Sy is verantwoordelik vir ongeveer 550 studente. Afgesien hiervan is sy tans ook 'n ingeskrewe student vir die graad MCom(Belasting).

Annemarie sal haar klerkskap vanaf 1989 by die ouditeursfirma Hoek en Wiehahn voortsit.

**Danie Crowther** deurloop beide sy laer- en hoërskoolopleiding op Bethlehem. Hy matrikuleer in 1979 aan die Witteberg Sekondêre Skool met 'n gemiddelde B-simbool. Daarna voltooi hy sy militêre diensplig.

In 1982 skryf hy vir die BCom(Rek)-graad by Tukkies in. Danie verwerf die graad aan die einde van 1984. Gedurende sy studente-loopbaan dien hy op die Studenteraad en gedurende 1985 is hy Joolvoorsitter. Danie verwerf sy MBA-graad in 1986. Hy ontvang die Ou Mutual-medalje vir die beste MBA-student tydens die duur van die kursus.

In Januarie 1986 aanvaar Danie 'n pos as dosent by die Departement Bedryfsekonomie aan UP wat hy tot Junie 1987 beklee. In 1987 skryf hy vir die BCom(Hons) (Rek)-graad en STR in. Hy verwerf beide kwalifikasies aan die einde van 1987. Vir sy 1987-studie ontvang Danie die Rentmeester-Merieteprys vir die BCom(Hons)(Rek)-student wat die beste vordering getoon het.

Danie dien tans 'n leerkontraktydperk van drie jaar by die ouditeursfirma Deloittes, Haskins en Sells uit.



*Prof Herman de Jager, Direkteur: Skool vir Rekenmeestersopleiding (links) het rede om só trots te lyk. Annemarie Schroeder (middel) het die vierdehoogste algehele punt landswyd in die eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad behaal. Sy is ook die beste damestudent. Danie Crowther (regs) het die hoogste punt in Ouditkunde behaal.*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010


# Nierpasiënt behaal BAdmin-graad

Albert van Zyl (33) se buitemuurse studieloopbaan getuig van besondere deursettingsvermoë en volharding. Afgesien van die normale faktore wat 'n buitemuurse student affekteer soos tyd en energie, is Albert ook die afgelope veertien jaar al 'n nierpasiënt. Al om die ander dag moet Albert aan 'n niermasjien gekoppel word wat 'n betreklike mate van afmatting en gebrek aan konsentrasie tot gevolg het.

Albert slaag nietemin daarin om die BAdmin-graad aan die einde van 1987 te behaal en tans is hy besig met die BAdmin(Hons)-graad. Hierdie is voorwaar 'n groot prestasie wat enige student kan aanspoor om oor die alledaagse probleme te kyk en akademiese geleenthede aan te gryp.

Albert het groot waardering vir die deernis van die dosente in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. "Omdat die hospitaal net van sewe-uur soggens tot sewe-uur saans vir nierpasiënte oop is en ek nog my heeltydse werk moes volhou, was my dosente baie behulpsaam," sê Albert. Hy het tydens sy jare van studie gewerk as senior administratiewe beheerbeampte by die Brandweerafdeling van die Pretoriase Stadsraad en tans is hy werksaam by die Streekdiensteraad.

Die verhaal agter Albert van Zyl se BAdmin-graad wat hy tydens vanjaar se Herfspromosieplegtigheid behaal het, is een van moed en deursettingsvermoë. Sy persoonlike lewensfilosofie is: "Ek mag nie sê ek kan nie, alvorens ek probeer het nie".



*Van links na regs staan prof Paul Botes, Hoof: Departement Publieke Administrasie; mnr Albert van Zyl, wat sy BAdmin-graad aan die einde van 1987 behaal het en tans met sy BAdmin(Hons)-graad besig is en dr Petrus Brynard, senior lektor.*

# *Doktorsgraad ten spyte van ontberinge*

'n Inspirerende verhaal is dié van dr Christine du Toit, wat haar doktorsgraad na byna ongelooflike ontberinge behaal het.

Christine het in 1973 die graad BCom (Ekonomiese Wetenskappe) met lof aan UP verwerf en is in Julie die volgende jaar as junior lektrise in die Departement Ekonomie aangestel — die eerste vrou ooit om dié posisie by UP te beklee. Daarna het sy ook haar honneurs- en meestersgrade in die Ekonomie met lof verwerf voordat sy in 1980 vir die graad DCom ingeskryf het. Teen daardie tyd was sy reeds 'n senior lektrise in die Departement.

Op Maandagaand, 12 Oktober 1981, was sy op pad huis toe van Buitemuurs af in 'n kop-aan-kop botsing betrokke met 'n persoon wat sy eie lewe wou neem.

Christine is in 'n kritieke toestand met gesig-, skedelbasis-, bekken- en enkelfrakture in die hospitaal opgeneem. Sy was ses weke lank in 'n koma en het in dié tyd ook haar baba verloor. Volgens die medici was die aard van haar breinbeserings so ernstig dat sy waarskynlik nooit weer 'n normale intellek sou hê of 'n normale lewe sou kon lei nie.

Na drie maande is sy uit die hospitaal ontslaan — sy kon nie loop, normaal sien of eet nie, en weens haar breinbeserings kon sy nie vir langer as enkele minute aaneen konsentreer nie. Ten spyte van al hierdie struikelblokke het Christine haar studie hervat.

Slegs ses maande na die ongeluk het sy haar Wiskunde-eksamen, 'n deelvereiste vir haar doktorsgraad, suksesvol afgelê.

In die loop van die volgende paar jaar moes sy etlike gesigsrekonstruksie-operasies ondergaan. In 1984 het sy en haar man, dr RS du Toit, 'n babadogter ryker geword. Aan die einde van 1987 is haar DCom-proefskrif, getiteld *Ontleding van die faktore wat die vlak en termynstruktuur van rentekoerse in Suid-Afrika bepaal*, ingehandig.

Tydens die Universiteit van Pretoria se hoofpromosieplegtigheid op Donderdag, 31 Maart 1988, is 'n doktorsgraad in die Ekonomie aan Christine du Toit toegeken.

Baie geluk, Christine!



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Buitengewone aanstellings

Sedert 1987 word kundiges as buitengewone dosente of professore by die Universiteit van Pretoria aangestel. Hierdie gespesialiseerde kundiges word op 'n deeltydse basis aangestel om lesings waar te neem in 'n bepaalde onderrigprogram waar die betrokke kundigheid nie binne die Universiteit beskikbaar is nie.

By die aanstelling van buitengewone professore val die klem nie net op gespesialiseerde kundigheid nie, maar ook op kwalifikasies, publikasies en veral status in die betrokke professie of vakrigting. Buitengewone dosente en professore word jaarliks aangestel en hoofsaaklik op nagraadse vlak aangewend.

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is in die gelukkige posisie dat 'n groot bron van gespesialiseerde kundigheid op die gebied van ekonomiese-, bestuurs- en rekeningwetenskappe in en om Pretoria bestaan.

Verskeie persone is reeds in hierdie hoedanigheid by die Akademiese programme van die Fakulteit betrek:

**Prof Cees Roon** is op 1 Oktober 1987 as 'n buitengewone professor in die Departement Handelrekenaarwetenskap aangestel. Prof Roon is 'n direkteur van Barlow Rand Computer Services. Hy is deur Barlow Rand voltyds na die Universiteit gesekondeer. Prof Roon het wye ervaring in die gebruik van rekenaars. Hy is onder andere die President van die Rekenaargebruikersraad en Voorsitter van NACCA (National Action Committee on Computer Auditing). By UP het hy reeds 'n belangrike rol by die kurrikulering van kursusse in Handelsrekenaarwetenskap gespeel.

**Prof Piet Botha** is op 1 Januarie 1988 as 'n buitengewone professor in die Departement Rekening- en Ouditkunde, Skool vir Rekenmeestersopleiding aangestel. Prof Botha is tans Senior Hoofbestuurder by Rand Aksepbank Beperk. Hy is ook lid van die Opvoedkundige Komitee van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad. Prof Botha het 'n spesifieke belangstelling in rekonstruksie, amalgamasies en oornames van maatskappye.


**Prof Willie Boshoff** is op 1 Februarie 1988 as buitengewone professor in die Departement Rekening- en Ouditkunde, Skool vir Rekenmeestersopleiding aangestel. Hy is mede-aanbieder van die gedoseerde MCom-graad in rekenaarouditering. Hy het 'n spesifieke belangstelling in rekenaarsekuriteit. Prof Boshoff is 'n uitvoerende bestuurslid van die Nedbankgroep.

**Prof Anneus Reynolds** is op 1 Februarie 1988 as buitengewone professor in die Departement Publieke Administrasie aangestel om onder andere nagraadse lesings in Openbare Bestuur aan te bied. Prof Reynolds is tans die Direkteur van die Instituut van Opleiding van die Kantoor van die Kommissie vir Administrasie.


**Mnr Mof Lemmer** is op 1 Julie 1987 as buitengewone lektor in die Departement Personeelbestuur aangestel, nadat hy as Direkteur van Nywerheidsverhoudinge by die SAMCOR-groep afgetree het. Hy het 32 jaar praktykervaring in mannekragbestuur en is 'n deskundige in arbeidsverhoudinge. Sedert 1977 was hy verantwoordelik vir die ontwikkeling en uitbouing van die vak Arbeidsverhoudinge op nagraadse vlak.



*Prof Cees Roon*



*Prof Piet Botha*



*Mnr Mof Lemmer*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Nuwe kollegas verwelkom

Verskeie nuwe kollegas is sedert die begin van 1988 in die Fakulteit verwelkom.

**Departement Bedryfsekonomie**
Mnr Willem Cilliers — lektor vanaf 1 Januarie 1988
Mnr Tom Cronje — lektor vanaf 1 Januarie 1988
Mnr Adré Schreuder — lektor vanaf 1 Januarie 1988
Mnr Nelis Swart — lektor vanaf 1 Januarie 1988


**Departement Ekonomie**
Prof Mike Truu — professor vanaf 1 Oktober 1988
Mnr Edwin Basson — senior lektor vanaf 1 Januarie 1988
Mev Melanie de Wet — lektrise vanaf 1 Januarie 1988
Mej Serona Spershott — lektrise vanaf 1 Januarie 1988



*Prof Mike Truu, voorheen hoof van die Departement Ekonomie aan die Rhodes-universiteit en Professor in Ekonomie aan Vista-universiteit, is as Professor in Ekonomie aan UP aangestel.*

Mnr Francois Knipe — junior lektor vanaf 1 Augustus 1988
Mev Sandra Mollentze — navorsingsbeampte (BEPA) vanaf 1 Mei 1988


**Departement Handels- en Arbeidsreg**
Dr Hennie Klopper — senior lektor vanaf 1 Februarie 1988



*Prof Dewald Roode, uitvoerende direkteur van Theron du Toit Bestuursdienste (Edms) Bpk is as hoof van die Departement Handelsrekenaarwetenskap aan UP aangestel.*

**Departement Handelsrekenaarwetenskap**
Prof Dewald Roode — departementshoof vanaf 1 Augustus 1988
Mnr Bill Collins — lektor vanaf 1 Januarie 1988
Mev Helena Scheepers (née Möller) — lektrise vanaf 1 Januarie 1988
Mnr Frank Julyan — lektor vanaf 1 Mei 1988

**Departement Personeelbestuur**
Mnr Schalk Theron — lektor vanaf 1 Oktober 1988



*Prof George Marx, voorheen 'n senior aktuaris by Sanlam is as Professor in Versekeringswese aan UP aangestel.*

**Departement Publieke Administrasie**
Dr Anneus Reynolds — buitengewone professor vanaf 1 Februarie 1988
Mnr David Fourie — lektor vanaf 1 Januarie 1988
Mnr Frederik Uys — lektor vanaf 1 Augustus 1988

**Departement Rekening- en Ouditkunde**
Mnr Willie Boshoff — buitengewone professor vanaf 1 Februarie 1988
Mnr Gerhard Badenhorst — senior lektor vanaf 1 Januarie 1988
Mej Mientjie de Jager — senior lektrise vanaf 1 Januarie 1988
Mev Bianca Kruger — senior lektrise vanaf 1 Januarie 1988
Mnr Kallie Müller — senior lektor vanaf 1 Januarie 1988
Mej Linda Joubert — lektrise vanaf 1 Januarie 1988
Mev Alida Botha — lektrise vanaf 1 Julie 1988
Mev Salomé du Plessis — lektrise vanaf 1 Augustus 1988

**Versekeringswese**
Prof George Marx — bekleër van die MOMENTUM LEWENSVERSEKERAARS-Leerstoel vanaf 1 Julie 1988

**Algemene Administrasie**
Mev Hester Kriek — studente-administrasie vanaf 1 Januarie 1988



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Fakulteitspersoneel presteer

Verskeie personeellede van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het in die afgelope tyd presteer en/of is vir hul prestasies vereer.

**Departement Bedryfsekonomie**
**Prof Sieg Marx**, hoof van die Departement Bedryfsekonomie is deur die Minister van Landbou aangestel as voorsitter van die Kommissie vir Varsproduktemarkte (KVPM). Hy is ook verkies as Direkteur: Bemarkingsbestuur op die Raad van die Suider-Afrika Instituut vir Bestuurswetenskaplikes (SAIB).

**Departement Bestuurswese**
**Prof Adré Boshoff** is deur die Komitee van Universiteitshoofde genomineer om die vyfde internasionale kongres van die "Association of Collegiate Entrepreneurs" gedurende 3 tot 6 Maart 1988 te Washington, VSA by te woon. Hy het ook 'n merietetoekenning vir voortreflike diens gedurende 1987 van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkoholisme en Dwelmverslawing ontvang.

**Prof Ronel Erwee** is deur die Sake- en Beroepsvroueklub van Suid-Afrika tydens hulle onlangse kongres vir voortreflike gemeenskapsdiens en beroepsontwikkeling vereer. Sy is ook deur die Vroueburo van Suid-Afrika as 'n jong vroueleier geïdentifiseer. Prof Erwee het op die tweejaarlikse kongres van die Vroueburo wat onlangs in Durban plaasgevind het, 'n toekenning genaamd "Vroue vir die toekoms" ontvang.

**Departement Ekonomie**
**Prof Geert de Wet** is op die hoofbestuur van die AHI herkies en ook as lid van die AHI se Ekonomiese Advieskomitee aangewys.

**Departement Handels- en Arbeidsreg**
**Prof Fanie van Jaarsveld** is die redakteur van *SA Handelsreg*, volume I. Die derde uitgawe het gedurende Februarie 1988 verskyn.

**Departement Personeelbestuur**
**Mnr Mof Lemmer** (buitengewone dosent) is verkies tot nasionale voorsitter van die nywerheidsbetrekkingebelangegroep van die Instituut vir Personeelbestuur van Suid-Afrika.

**Departement Administrasie**
**Prof Paul Botes** is aangestel as voorsitter van die Eksamenraad van die SA Instituut vir Organisasie en Werkstudie vir 'n verdere twee jaar. Hy is die adviseur van die Lebowa-regering vir die opstelling van nuwe wetgewing insake plaaslike regering en administrasie in Lebowa. Hy is ook lid van die komitee van ondersoek na die rekenpligtigheid van kwasi-outonome owerheidsinstellings en lid van die komitee van ondersoek insake die nasionale plan vir desentralisasie van Onderwys en Opleiding.

**Mnr Nico Roux** is aangestel as lid van die komitee van ondersoek na die nasionale plan vir desentralisasie van Swart onderwys.

**Departement Statistiek**
**Prof Stephen du Toit** is deur die Direkteur-generaal van die SAUK op die Uitsaainavorsingskomitee aangestel.

**Prof Hennie Groeneveld** is verkies as sekretaris en as lid van die dagbestuur en aangewys as genoot van die SA

## Personeel bevorder

*Die volgende personeellede is gedurende 1988 bevorder:*

***Departement Bedryfsekonomie***
*Dr Andrew Marx tot mede-professor vanaf 1 Januarie 1988*
*Dr Johan Badenhorst tot senior lektor vanaf 1 Januarie 1988*
*Mnr Deon Nel tot senior lektor vanaf 1 Januarie 1988*


***Departement Bestuurwese***
*Prof Tienie van Vuuren tot hoof van die Departement Bestuurswese en Direkteur van die Nagraadse Bestuurskool vanaf 1 Junie 1988*

***Departement Ekonomie***
*Mnr Jan van Heerden tot senior lektor vanaf 1 Julie 1988*

***Departement Handels- en Arbeidsreg***
*Prof Piet Delport tot professor vanaf 1 Januarie 1988*
*Dr Chris Nagel tot mede-professor vanaf 1 Januarie 1988*

***Departement Personeelbestuur***
*Dr Johan Basson tot mede-professor vanaf 1 Januarie 1988*

***Departement Rekening- en Ouditkunde***
*Prof Willem Buys tot professor vanaf 1 Januarie 1988*
*Prof Steve du Randt tot professor vanaf 1 Januarie 1988*
*Prof Marius Koen tot professor vanaf 1 Januarie 1988*
*Prof Frikkie van Wyk tot professor vanaf 1 Januarie 1988*
*Mnr Dieter Gloeck tot mede-professor vanaf 1 Januarie 1988*
*Mnr Ernest Glad tot mede-professor vanaf 1 Februarie 1988*
*Mev Margaret du Preez tot senior lektrise vanaf 1 Januarie 1988*
*Mev Karen Barac (née Roestoff) tot senior lektrise vanaf 1 Januarie 1988*
*Mnr Tienie Viljoen tot senior lektor vanaf 1 Januarie 1988*
*Mnr Gert van der Linde tot senior lektor vanaf 1 Julie 1987*



*Van links na regs staan prof Tienie van Vuuren, prof Leon Brummer, prof Calie Pistorius en dr Hennie Reynders.*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010



*Prof Ronel Erwee (regs), tydens 'n onderhoud oor vroue-entrepreneurs.*

Statistiese Vereniging. Hy is ook aangestel as lid van die evalueringskomitee vir die Instituut vir Biostatistiek van die SA Mediese Navorsingsraad.

**Prof Herman Schoeman** is gekoöpteer as lid van die Navorsing- en Publikasiekomitee van die SG Lourens Verpleegingskollege en hy is aangestel as plaasvervangende lid van die Adviserende Onderwyskomitee vir Bourekenaars. Hy is aangestel as permanente lid van die komitee insake Finansiële Statistieke van die Sekretariaat vir Multilaterale samewerking in Suidelike-Afrika. Hy is ook verkies as voorsitter van die Afdeling Wis- en Natuurkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die periode Augustus 1988 tot Augustus 1989.

**Prof Chris Smit** is verkies as voorsitter van die Onderwyskomitee van die SA Statistiese Vereniging en as lid van die Uitvoerende Komitee. Hy is ook aangestel as redaksielid van die SA Statistiese Vereniging Nuusbrief.

**Prof Leon Vivier** is verkies as sameroeper van die Monitorkomitee vir die bepaling van die invoerkomponent van Transkeise huishoudings; aangewys as lid van die Sub-komitee insake Finansiële Statistieke vir die TBVC-lande; aangestel as permanente lid van die Sub-komitee insake Finansiële Statistieke van die Sekretariaat vir Multilaterale samewerking in Suidelike-Afrika en gekoöpteer as lid van die Onderwyskomitee van die SA Statistiese Vereniging.

**Dr Nico Swart** is verkies as tesourier en as lid van die dagbestuur van die SA Statistiese Vereniging.

**Mnr André Swanepoel** is gekoöpteer as hulpsekretaris van die SA Statistiese Vereniging en as sekretaris van die Onderwyskomitee van die SA Statistiese Vereniging.

**Departement Rekening- en Ouditkunde**
**Prof Gert Dekker** is verkies tot visepresident van SASUTA (Suider-Afrikaanse Vereniging van Universiteitsdosente in Rekeningwetenskappe).

**Prof Herman de Jager** is deur die Direkteur van Onderwys as verteenwoordiger van Universiteite op die Vakkomitee Rekeningkunde van die TOD aangestel.

**Departement Handelsrekenaarwetenskap**
**Prof Cees Roon** is die President van die Rekenaars Gebruikers Raad wat beter bekend is as Computer Users' Council (CUC). Hy is verkies tot voorsitter van die National Action Committee on Computer Auditing (NACCA) sowel as die voorsitter van die National Computer Liaison Committee (NCLC).

# Prof Bertie Loots weer gesekondeer na Kantoor van die Ouditeur-generaal

Prof Bertie Loots van die Skool vir Rekenmeestersopleiding is in 1988 vir 'n tweede jaar na die Kantoor van die Ouditeur-generaal gesekondeer.

Hierdie sekondering gee prof Loots die geleentheid om toegepaste navorsing op die gebied van owerheidsouditering en verwante terreine (soos Staatsrekeningkunde) te onderneem.

Van die spesifieke projekte wat gedurende die sekonderingsperiode aangepak is kan veral drie genoem word:

- Die eerste is die ondersoek na die onafhanklikheid van die Ouditeur-generaal en sy Kantoor wat reeds voltooi is en waarvan die verslag reeds deur die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge aanvaar is.
- Die tweede projek behels 'n ondersoek, onder die leiding van die voormalige Sekretaris van die Tesourie, dr GWG Browne, na die toereikendheid van die rekenpligtigheidspraktyke van openbare korporasies en ander openbare instellings.
- Die derde projek behels die implementering van prestasie-ouditering op 'n gestruktureerde grondslag deur die Kantoor van die Ouditeur-generaal. Prestasie-ouditering poog om maatreëls van entiteite wat die ekonomie, asook doelmatige en effektiewe aanwending van hulpbronne sal bevorder, te beoordeel.

Die ondervinding wat met hierdie toegepaste navorsing opgedoen word, sal in die toekoms vir die Skool vir Rekenmeestersopleiding van groot waarde wees aangesien dit in die opleiding van studente wat hulle op nagraadse vlak verder op dié gebied wil bekwaam, gebruik kan word.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# PUBLIKASIES

# Handboeke deur dosente

Dosente van hierdie Fakulteit het weer eens vanjaar verskeie handboeke die lig laat sien. In besonder was dit die dosente van die Skool vir Rekenmeestersopleiding wat vanjaar op hierdie gebied uitgeblink het. Die volgende handboeke of werkboeke op die gebied van die Rekening- en Ouditkunde het reeds vanjaar verskyn.

**Skrywer**
JD Gloeck, GJA van der Linde en K Roestoff

**Titel**
Maatskappywet — die toepassing van kennis

**Uitgewers**
Unipret

**Skrywer**
H de Jager, JD Gloeck, GJA van der Linde en K Roestoff

**Titel**
Riglyne in Ouditkunde

**Uitgewers**
Unipret

**Skrywer**
BS Joubert en M Roode

**Titel**
Werkboek — enkele rekeningkundige onderwerpe

**Uitgewers**
Skrywers

**Skrywer**
JD Gloeck en H de Jager (medewerkers: GJA van der Linde en K Roestoff)


**Titel**
Dit is Ouditkunde

**Uitgewers**
Unipret

**Skrywer**
JD Gloeck, GJA van der Linde en K Roestoff

**Titel**
Companies act — the application of knowledge

**Uitgewers**
Unipret



*"Riglyne in Ouditkunde", 'n produk van die Skool vir Rekenmeestersopleiding, is op 11 Mei 1988 aan verteenwoordigers van die akademie, praktyk en professie oorhandig. Teenwoordig by dié geleentheid was van links na regs prof Dieter Gloeck, skrywer; mnr Gert van der Linde, skrywer; prof Koos Stadler, Dekaan; mev Karin Barac, skrywer; mnr Hancke Scheepers, praktisyn en lid van die Advieskomitee; mev Christine MacDonald, Direkteur Rekeningkunde SAIGR 'n prof Herman de Jager, redakteur (heel voor).*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

**Skrywer**
G van N Viljoen

**Titel**
'n Inleiding tot waardebepaling

**Uitgewers**
Skrywer

**Skrywer**
M Koen, B Kruger en M Roode

**Titel**
Werkboek — Finansiële Verslagdoening

**Uitgewers**
Skrywers

**Skrywer**
H de Jager, JD Gloeck, GJA van der Linde, K Barac (née Roestoff)


**Titel**
Guidelines in Auditing

**Uitgewers**
Unipret

Alhoewel hierdie publikasies veral gemik is op die behoeftes van studente sal verskeie daarvan ook nuttig vir praktisyns wees. In besonder behoort die publikasie "Riglyne in Ouditkunde" uiters waardevol vir praktisyns te wees. Dit bevat die volgende:

- alle geldige standpunte oor ouditstandaarde;
- alle geldige omsendskrywes, geopenbaarde konsepte en besprekingsdokumente;
- alle toepaslike skrywes oor "wesenlike onreëlmatigheid";
- alle ouditkundige riglyne;
- alle internasionale ouditriglyne;
- opsommende aantekeninge oor al bogenoemde dokumente;
- studieriglyne ten opsigte van al die genoemde dokumente wat gebaseer is op 'n kurrikuleringsmodel wat die kennisvlakke van Bloom as basis gebruik; en
- opdateringsdiens.

# *Die 1988 KE*



Die kwalifiserende eksamen (KE) word elke jaar in Maart deur die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad afgeneem. Hierdie eksamen is een van die mees gevreesde hindernisse op die pad wat menige student moet loop om as geoktrooieerde rekenmeester te kwalifiseer. 'n Baie hoë standaard word oor die afgelope jare in dié eksamen gehandhaaf.

Om studente vir dié eksamen voor te berei, het die Universiteit van Pretoria 'n studiehulp vir voornemende geoktrooieerde rekenmeesters gepubliseer. Die publikasie bestaan uit vrae en voorgestelde antwoorde. Hierdie publikasie is uniek in Suid-Afrika en word deur al die universiteite in die land gebruik, veral deur studente ter voorbereiding vir die KE-eksamen. Hierdie publikasie is tweetalig met voorgestelde antwoorde in beide Afrikaans en Engels. Soos verlede jaar met "Die 1987 KE" het die Skool vir Rekenmeestersopleiding vanjaar weer die antwoorde op die 1988 KE gepubliseer.

Op die foto staan van links na regs prof Koos Stadler, Dekaan; prof Herman de Jager, Direkteur: Skool vir Rekenmeestersopleiding; mnr Nic Campbell, Pretoria Streeksvereniging; mnr Lukas van Vuuren, Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad; mnr Vaatjie du Plessis, Transvaalse Genootskap van GR's; en prof Botha van Rensburg, Unisa, elk met 'n uitgawe van die 1988 KE.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Sportpresteerders van die Fakulteit

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe lewer ook sy kwota sportpresteerders.

**Fofo (Johan) van der Merwe**, 'n Springbok-atleet, is op tweërlei wyse verbonde aan die Departement Rekening- en Ouditkunde: as 'n lektor in Ouditkunde en as 'n ingeskrewe MCom(Belasting)-student.

Dié bekende tweekamp-atleet het gedurende 1987 twee maal Springbokkleure verwerf. Hy is albei kere as kaptein aangewys en hy het 'n eerste plek teen Switserland behaal. In 1988 is Fofo weer eens as kaptein van die Springbokspan aangewys, en behaal hy die tweede plek teen Wes-Duitsland.

Fofo is die huidige Suid-Afrikaanse rekordhouer in die langafstand tweekamp. Hy is kaptein van Tuks se swemspan en hy het Noord-Transvaal onlangs verteenwoordig by die SA kampioenskappe (swem).

**Moray Smit**, 'n finale jaar BCom(Rek)-student, het gedurende 1987 vier keer Springbokkleure in gimnastiek verwerf. Hy het onder andere deelgeneem teen die VSA, Duitsland en Switserland. Moray het 'n derde plek in die derde toets behaal.


Gedurende 1988 het Moray twee keer Springbokkleure verwerf. Moray het 'n vyfde plek behaal tydens die SA Elite kampioenskappe.

Nog 'n bekende in tweekamp-kringe, is **Hans Scheffer**, 'n finale jaar BCom(Rek)-student. Hans het aan die einde van 1987 Springbokkleure verwerf. Hy het 'n toer na Europa onderneem waar hy teen atlete van Switserland en Duitsland meegeding het en onderskeidelik 'n vierde en 'n eerste plek behaal het.

Hans is die huidige SA rekordhouer in die kortafstand tweekamp. Hy het 'n derde plek tydens die SA kortafstand kampioenskappe in 1988 behaal.



Fofo van der Merwe



Moray Smith



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010